

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 14, No. 5

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Sep-Okt 2014 *Tomorrow's World*-tydskrif



Persoonlik

Deur Richard F Ames, Redaksionele Direkteur

Daar moet nasionale en persoonlike bekering wees!

Soos die meeste van u wat hierdie tydskrif al 'n geruime tyd lees goed weet, het ons hier by die *Wêreld van Môre* vir baie jare die goeie nuus van God se toekomstige Koninkryk verkondig en die Westerse nasies gewaarsku dat, tensy hulle hulle bekeer van hulle toenemende goddelose en onsedelike weë, God hulle streng sal oordeel.

Die klein, moderne nasie van Israel – die hedendaagse afstammeling van antieke Juda – is hier ook geen uitsondering nie. Trouens, selfs die Joodse staat identifiseer hulleself as 'n nasie wat daarna streef om die God van Israel te gehoorsaam. Dit behoort veral duidelik te wees dat hulle dus 'n groter verantwoordelikheid as die nie-Israelitiese nasies het om vir die res van die wêreld 'n voorbeeld te stel in die nakoming van Bybelse en sedelike waardes.

Die hedendaagse Israel is nogtans een van die mees sedelik nalatige nasies op ons planeet, skaars onderskeibaar van die Verenigde State van Amerika, die Verenigde Koninkryk, Australië en ander Israelitiese afstammeling wanneer dit kom by die algehele verwerping van die waardes waarop hierdie lande gevestig is.

Moeilikheid vir Jerusalem!

Die Skrif openbaar dat wanneer die Messias terugkeer, Hy Jerusalem die hoofstad van die wêreld sal maak. Bekeerde Israeliete sal die

Koning van die konings dien en sal bygestaan word deur die Apostels wat onder Hom oor elkeen van die “twaalf stamme van Israel sal regeer” (Mattheüs 19:28). Ons sien uit na daardie heerlike dag wanneer alle nasies die Huttefees sal onderhou en jaarliks sal “optrek [na Jerusalem] om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërskaare” (Sagaria 14:16-17).

Die Skrif waarsku egter ook van moeilike tye voor Christus se Wederkoms. Bybelprofesie onthul dat Jerusalem onderwerp sal word aan 'n buitelandse regering en militêre mag (Lukas 21:20). God het aan die apostel Johannes hierdie skokkende maar ware profesie wat Jerusalem betref geopenbaar: “En 'n riet soos 'n stok is aan my gegee, en die engel het gestaan en gesê: Staan op en meet die tempel van God en die altaar en die wat daarin aanbid. Maar die voorhof buitekant die tempel moet jy uitlaat en dit nie meet nie, want dit is aan die heidene gegee; en hulle sal die heilige stad twee-en-veertig maande lank vertrap” (Openbaring 11:1-2).

Waarom sal God heidene toelaat om Jerusalem oor te neem? Israel moet hulleself ondersoek met betrekking tot die Tien Gebooie en hulle nasionale gedrag. Het die moderne Israel sy verantwoordelikheid teenoor die hele wêreld nagekom? Hierdie standarde is op die Amerikaanse- en Britse-afstammeling van

toepassing, sowel as op die moderne nasie van Israel. Tensy hierdie mense hulle onsedelikheid erken en bely, sal God hulle swaar straf sodat hulle dit kan regstel. Om vernietiging te voorkom soos geprofeteer is, moet daar 'n beduidende oplewing wees in die soeke na God, nasionaal en individueel.

Bybelse profesie onthul dat godsdienstige en politieke magte die verwickelinge in die hedendaagse Israel grootliks sal beïnvloed. 'n Groot valse profeet sal miljarde mense mislei, selfs wonderwerke verrig, soos om vuur uit die hemel te laat neerdaal (Openbaring 13:13-14). Die voorspelde “Dier”-moondheid sal nasies oorwin en uiteindelik selfs ook teen Christus veg met Sy Wederkoms (Openbaring 17:11-18)! Onthou dat “die volk van 'n vors wat sal kom ... die stad en die heiligdom verwoes” die Romeinse leier was wat Daniël se profesie vervul het in 70 n.C. (Daniël 9:26). Hy was 'n toonbeeld van die eindtydse Diermoondheid wat die Joodse herinstelling van diere-offers met 'n sewe-jaar ('n profetiese “week”) ooreenkoms of “verbond” sal fasiliteer – maar na drie-en-'n-half jaar sal hy sorg dat hierdie offers gestaak word. Die Bybel stel dit so: “En hy sal een week lank met baie 'n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik – Daar moet nasionale en persoonlike bekering wees!

Mr. Richard F. Ames se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Watter Jesus aanbid u? 3

Misleide mense weet nie dat hulle mislei is nie. Is dit werklik moontlik dat miljarde mense mislei kan wees oor die ware Jesus Christus? U behoort te weet en uself te beskerm teen misleiding!

Anatema! 8

Waarom word sommige geloofsoortuigings “hoofstroom” genoem en ander word vervloek as 'n gruwel of iets erger? Hoe kan u onderskei tussen 'n ketter en 'n ware Christen? Die geskiedenis openbaar 'n paar verstommend ironiese feite!

Waarom die Sabbat onderhou? 12

Hou die Midde-Ooste dop 14

Israel en sy bure is by die middelpunt van die eeueoue konflik wat lank gelede reeds in die Bybel voorspel is – konflikte wat sal toeneem teen die einde van hierdie tydperk en wat sal lei tot die Wederkoms van Jesus Christus!

Waarom werk? 18

Wat sou u doen as u nie werk nie? Wat behoort werk vir u te doen?

Werk van Sy Hande 21

Die raaiselagtige menslike brein

Gereeld

Vrae en Antwoorde 23

Profesie neem gestalte aan 24

Besoek ons webwerf by:

www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur:

www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

Besturende Redakteur

John Robinson

Streksredakteurs

Bruce Tyler (Australasië)

Gerald Weston (Kanada)

Rod King (Europa)

Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

Strekskantore

VSA:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

FILIPPYNSE EILANDE:

PO Box 492

Araneta Center 1135, Philippines

Tel: 63-2-723-0499

Faks: 63-2-414-5349

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (*NV, Nuwe Vertaling*, 1983).

Watter Jesus aanbid u?

Deur Roderick C. Meredith

Miljoene opregte belydende Christene besef eenvoudig nie hulle glo en beoefen idees en tradisies wat in totale teenstelling is met wat Jesus Christus verkondig en uitgeleef het nie!

Die meeste van u wat hier lees wil werklik graag die God van die skepping aanbid. U wil Jesus Christus op die manier wat Hy sê, eer en dien. U mag egter ernstig mislei wees deur mense wat u verkeerdelik geleer het hoe om God te soek en te dien.

Die Bybel self, as u die Bybel sal toelaat om die Bybel te interpreteer, maak dit baie duidelik. Is u persoonlik bereid om die Bybel toe te laat om u oor die toestand van hierdie wêreld in te lig, selfs van die godsdienstige toestand van baie mense wat daarop aanspraak maak om Jesus Christus te volg? God het die apostel Paulus geïnspireer om ons te waarsku teen Satan die duiwel – die “slang” wat vir Eva verlei het en heel aan die begin die mensdom van God weggelei het: “Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus. Want as iemand kom en **'n ander Jesus** verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander evangelie as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval” (2 Korinthiërs 11:3-4).

Vandag is daar allerhande soorte benaderings tot beweerde “Christelikheid”, wat wissel van “New Age”-denke, tot Rooms-

Katolisisme, tot hiper-emosionele “charismatiese” groepe. Hoewel almal die term “Jesus” in hulle aanbidding mag gebruik, het hulle dikwels heeltemal verskillende sienings van waarvoor Jesus regtig staan en wat Hy ons geleer het. In 'n sekere sin is elkeen besig met die aanbidding van 'n “ander” Jesus Christus. Elkeen verkondig 'n “ander evangelie”. Elkeen sal dikwels eerder menslike tradisies en idees volg as die duidelike opdragte van die Almagtige God in Sy geïnspireerde Woord.

Jesus het van hierdie situasie gepraat toe Hy die Fariseërs bestraf het oor hulle beklemtoning van menslike tradisie in teenstelling met die Wet van God. Terwyl Hy beskryf het hoe hulle tradisie hulle daarvan weerhou om hulle vader en moeder te eer soos God beveel het, sê Jesus: “So het julle dan die gebod van God kragteloos gemaak ter wille van julle oorlewering. Geveinsdes, tereg het Jesaja oor julle geprofeteer toe hy gesê het: Hierdie volk nader My met hulle mond en eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af. Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is” (Mattheüs 15:6-9).

Die meeste van hierdie Fariseërs was vermoedelik opreg. Hulle het gedink hulle aanbid die God van die Ou

Testament, wat eintlik reg voor hulle gestaan het as Jesus Christus, die “Woord” wat nou in die menslike vlees gekom het! Hulle het Hom egter “tevergeefs aanbid” omdat hulle die tradisies en “gebooie van mense” nagevolg het. Ja, volgens Jesus Christus Self, is dit moontlik om Hom **tevergeefs** te aanbid!

Opregtheid is *nie* genoeg nie!

Sommige mense sal beswaar maak: “Maar sal al die 'opregte' Christene nie dieselfde geleentheid hê tot die ewige lewe nie?” Wat het die Christus van u Bybel werklik gesê? “Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in U Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtheid werk!” (Mattheüs 7:21-23).

Let daarop dat sommige mense wat Jesus hulle “Here” noem, nie toegang tot die Koninkryk van God verleen sal word nie, want moontlik is hulle mislei of bedrieg en beoefen hulle “wetteloosheid”! Baie mense word mislei deur slegs te fokus op die Persoon van Jesus Christus en nie op die begrip van wat Hy

werklik verkondig het nie, in plaas van om aan die Wette van God gehoorsaam te wees soos Hy voortdurend alle Christene beveel het om te doen!

Glo my, my vriende, ek verstaan! Ek het in 'n "hoofstroom" Protestantse kerk grootgeword en ek was die president van my Sondagskoolklas. Ek het gereeld op 'n Sondag aanbid, het Kersfees en Paasfees en ook die "familie byeenkomste" wat verband hou met baie van hierdie praktyke gevier.

Ek het egter jare later tot die besef gekom dat die Bybel duidelik bedoel wat hy sê wanneer daar gepraat word van die "duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei" (Openbaring 12:9). Ek het gevind dat die apostel Paulus die Korintiërs waarsku: "Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, naamlik die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlijkheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie" (2 Korintiërs 4:3-4).

Deur diepe nabetraging en ure van gebed en studie het ek tot die besef gekom – volgens honderde duidelike gedeeltes in die Bybel – dat ek mislei is!

Beteken hierdie Skrifgedeelte dat "almal behalwe u" in die "hele wêreld" mislei is? Het Satan met sy listigheid ontelbare miljoene mense mislei, maar op een of ander manier u en u gesin van hierdie massiewe misleiding

uitgesluit?

Dink asseblief hieroor na!

Dit is beduidend dat talle geleerdes erken dat die hoofstroom "Christendom" vandag heeltemal wegbeweeg het van die vernaamste leerstellings van Jesus Christus en die vroeë Apostels en 'n heeltemal andersoortige lewenswyse gevestig het wat hulle nog steeds "Christelik" noem. Beroomde geleerdes en leidende Christelike geskiedskrywers erken die groot verandering wat plaasgevind het. Let op na hierdie treffende aanhaling uit *The Decline and Fall of the Roman Empire*, wat lank reeds erken word as die keerpunt in die geskiedenis van daardie tydperk. Edward Gibbon skryf: "Die eerste vyftien biskoppe van Jerusalem was almal besnede Jode en die gemeente waaroor hulle gesag gevoer het, het die wette van Moses verenig met die leer van Christus" (vol. 1, bl. 389). Dit is werklik 'n merkwaardige stelling! Dit dui duidelik daarop dat baie generasies verbygegaan het waartydens die Apostels en ander Christelike leiers, gelei deur die lewende Jesus Christus, (Mattheüs 28:20) voortgegaan het om God se Wet te gehoorsaam en dit beklemtoon het as 'n lewenswyse.

Gibbon gaan voort: "Dit was vanselfsprekend dat die oorspronklike tradisie van 'n kerk wat slegs veertig dae ná Christus se dood gestig is en vir omtrent net soveel jare onder die onmiddellike beheer van Sy Apostel was, aanvaar moes

word as die standaard van ortodoksie. Die afgeleë kerke het hulle dikwels beroep op die gesag van hulle eerbiedwaardige Ouer en het haar ellende verlig deur 'n mildelike bydrae van aalmoese" (Gibbon, bl. 389). Gibbon toon weereens dat die Jerusalem Kerk van God vir 'n hele aantal geslagte die "ouer" was en gerespekteer was as die "standaard" van die ortodoksie in die vroeë Christenskap.

Dit was nie na Rome nie, maar Jerusalem waarna die vroeë Christene opgesien het vir leierskap!

Indien ons eerlik is, behoort ons onself af te vra aan wie die gesag verleen was om die leerstellings van Christus en die oorspronklike Apostels, wie deur God se Gees gelei is om aan die ware Christene hierdie lewenswyse te leer, te verander?

Hoe die Waarheid laat vaar is

Gibbon merk op: "Die Joodse bekeerlinge, of die Nasareners, soos hulle later genoem is, wat die fondament van die kerk gelê het, is spoedig deur die toenemende skare wat uit al die verskillende godsdienste van politeïsme onder die vaandel van Christus saamgevoeg is, oorweldig" (*ibid.*). Gibbon verduidelik dat terwyl die politeïstiese heidene die "naam" van die Christelikheid oorneem het, is dit op een of ander manier verander en heeltemal afgerokkel van die fondament wat Christus en die oorspronklike Apostels gelê het!

In Jesse Lyman Hurlbut se wyd gepubliseerde en hoogs

gerespekteerde handleiding oor kerkgeskiedenis, sê hy vir ons: “Vir vyftig jaar na Paulus se lewe hang 'n gordyn waardeur ons tevergeefs probeer kyk oor die kerk; en wanneer dit ongeveer 120 n.C. uiteindelik gelig word met die geskrifte van die vroegste kerkvaders, vind ons 'n kerk wat in baie opsigte heeltemal verskil van dié in die dae van St. Petrus en St. Paulus” (*Story of the Christian Church*, bl. 41).

'n Ander kerk

Die belydende Christelike kerk, onder leiding van die vroeëre “Katolieke Vaders”, het gedurende die Middeleeue baie afgewyk, aangesien dit die vernaamste leerstellings van Jesus en die oorspronklike Apostels heeltemal versaak het. Dit het die duidelike klem op gehoorsaamheid aan die Tien Gebooe as 'n lewenswyse versaak. Daarna het die Protestantse hervormers gekom en dalk onwetend, dieselfde benadering van onverskilligheid teenoor die gesag van die Tien Gebooe in ons Christelike lewe gevolg. Die geskiedenis toon dat 'n groot mate van anti-Semitisme ontstaan het en dat die werklike Wette wat deur die hand van God gegee is, as “Joods” beskou is en dus vir Christene “onnodig” was om na te volg.

Met bogenoemde perspektief in gedagte, let noukeurig op een van die vernaamste gedeeltes in die hele Bybel, die “Bergpredikasie”, waar Jesus sê: “Moenie dink dat Ek gekom

het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooe breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele” (Mattheüs 5:17-19). Volgens Jesus Christus moet 'n persoon wanneer hy in God se oë as groot beskou wil word, selfs die “minste” van die gebooe gehoorsaam!

Dit is duidelik dat Jesus hier praat van die Tien Gebooe, want regdeur die res van hierdie gedeelte bespreek Jesus die groot geestelike Wet van God, die Tien Gebooe. Hy verwys na moord wat deur die sesde gebod verbied word. Hy bespreek dan “haat” wat dikwels tot moord lei. In verse 27-28 verwys Jesus regstreeks na die sewende gebod: “Jy mag nie egbreek nie.” In verse 28-32 beskryf Hy hoe Christene dit moet vermy om selfs die gees van die Wet te verbreek deur iemand te begeer.

Wanneer ons toelaat dat die “Bybel die Bybel interpreteer”, is dit duidelik dat Jesus Christus besig is om die Tien Gebooe selfs nog meer bindend vir die Nuwe-Testamentiese Christene te maak as wat dit in die verlede was. Christene behoort hulle lewens heeltemal aan Christus

te onderwerp sodat Hy in ons kan lewe deur die krag van die Heilige Gees (Galasiërs 2:20). Nadat 'n jong man Jesus gevra het: “Goeie meester, watter goeie ding moet ek doen, dat ek die ewige lewe kan hê?” het Jesus hom geantwoord: “Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooe” (Mattheüs 19:16-17). Jesus het daarna voortgegaan om sommige van die Tien Gebooe op te noem!

God se geestelike Wet

In teenstelling met die teologiese argumente en ingewikkelde redenering van so baie Bybelkommentators, het Jesus nie van die “seremoniële” of “rituele” wette van Moses gepraat nie. Hy het van Sy ware volgelinge se gehoorsaamheid aan die groot geestelike Wet van God, die Tien Gebooe gepraat. Dit was die Wet en die enigste Wet, wat God met Sy eie stem vanaf die top van die berg Sinai gespreek het. “Met hierdie woorde het die HERE julle hele vergadering op die berg, uit die vuur, die wolk en die wolke-donkerheid met 'n groot stem toegesprek, en niks meer nie; en Hy het dit op twee kliptafels geskrywe en dit aan my gegee” (Deuteronomium 5:22).

God het selfs beveel dat daardie kliptafels binne-in die Verbondsark geplaas moes word, die ware verteenwoordiging van Sy verheerlikte troon in die hemel, die “Allerheiligste”. Geen ander Wet of opdrag is in hierdie heilige konteks geplaas nie! Die Tien Gebooe is nie bloot 'n “sedelike” Wet, soos baie

misleide geleerdes ons leer nie. Dit is die direkte, “handgeskrewe” geestelike Wet van die groot Skepper van die hemel en aarde!

Die mensdom se blindheid!

Waarom dring so baie belydende Christenleraars en -skrywers dan daarop aan dat daar op die een of ander manier daarmee “weggedoen” is of nie meer nodig is nie? Indien 'n mens die tipiese kommentare of teologiese verhandelinge lees, kom jy gou agter dat die meeste belydende Christen-geleerdes probeer om die Tien Gebooe met die seremoniële wette van antieke Israel, of moontlik selfs met die burgerlike wette van daardie nasie, gelyk te stel.

Hoe blind is hierdie “geleerdes” nie! Die Tien Gebooe is 'n heeltemal aparte geestelike Wet wat gegee is deur die hand van God. Daar word na die ander wette van antieke Israel oor die algemeen verwys as insettinge, verordeninge of wette. Hierdie addisionele wette, wat aan die fisiese volk van antieke Israel gegee is, was nooit in die ark geplaas nie. Hulle is nog nooit op dieselfde vlak as die Tien Gebooe beskou nie. Jesus het duidelik nie na hierdie insettinge en verordeninge verwys toe Hy aan die ywerige jong man gesê het: “... as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooe” nie, maar wel na die Tien Gebooe.

Baie van u mag dalk wonder: “Leer al die kerke ons dan nie om die Tien Gebooe te gehoorsaam nie”? Dit is egter

nog 'n valse aanname!

Die waarheid van hierdie saak is dat die oorgrote meerderheid van kerke en belydende Christelike predikante ons leer dat dit nie nodig is om die Tien Gebooe as 'n norm vir Christelike gedrag na te kom nie, alhoewel dit 'n goeie “sedelike riglyn” kan wees. Indien u hieroor twyfel, vra gerus u leraar. Die betreklik min kerke wat regtig daarop aanspraak maak dat hulle die Tien Gebooe leer en navolg, het 'n uiters moeilike taak om te verduidelik hoe hulle dit kan doen, terwyl hulle die eerste, tweede, sewende en tiende gebooe “afwater” en die vierde heeltemal afskaf.

In teenstelling hiermee, indien u in staat sou wees om by die aanbidding en gebruike van Christus Self en die oorspronklike Christen Kerk “in te loer”, sou u 'n groep toegewyde mense vind wat regtig probeer het om Jesus se opdrag uit te voer: “Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God” (Lukas 4:4). In plaas daarvan om die “Dag van die Son” te hou, het Jesus en Sy volgelingen die ware Sabbat, wat God vir die ganse mensdom gegee het, onderhou. Hierdie dag verwys na God as die Skepper en stel Hom apart van al die “gode” soos die mense hulle deur die eeue heen verbeel het daar is. Jesus en Sy volgelingen het gedurende daardie tyd en vandag steeds die Bybelse Heilige Dae, wat dui op die groot Plan van God, onderhou. Daardie dae is voortdurend onderhou, nie net

deur Christus nie, maar ook deur al die Apostels. Ons vind verwysings hierna in Jesus se onderhouding van die Huttefees (Johannes 7:1-14) en in Sy onderhouding van die Pasga (Markus 14:14). Onthou dat die Heilige Gees self op een van God se Heilige Dae, die dag van Pinkster, op die vroeë Christene uitgestort is (Handelinge 2). Die Christelike Kerk en die apostel Paulus self het Pinkster ook gereeld onderhou (Handelinge 20:16; 1 Korintiërs 16:8).

Die “toets”gebod

God se geïnspireerde Woord openbaar dat Jesus die “lig” van die wêreld is: “In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense” (Johannes 1:4). Daar word herhaaldelik aan ons gesê om Christus se voorbeeld te volg (1 Petrus 2:21). Teen die einde van die Nuwe-Testamentiese era skryf Sy dissipel, die geliefde apostel Johannes, dat “... elkeen wat sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom is. Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het” (1 Johannes 2:5-6).

Die bogenoemde gedeelte vertel aan ons 'n volgeling van Christus “behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het”. Wat was dan Christus se voorbeeld? Wat was dit van die basiese lewenswyse wat Jesus Christus ons geleer het en wat ons spesiale aandag behoort aan te gryp?

Jesus het duidelik volgens

al Tien God se Gebooi geleef – dit sluit gereelde onderhouding van die sewende-dag Sabbat in. Jesus Christus en al die oorspronklike Apostels het altyd die Sabbat gehou en **nooit** die mense geleer dat daarmee weggedoen is nie! Soos George Price Fisher, professor in kerklike geskiedenis aan die Yale Universiteit skryf: “Die Joodse Christene het in die begin die sinagoges bygewoon. Hulle het voortgegaan om die feeste te onderhou soos bepaal is deur die Wet en geleidelik het die feeste aansluiting gevind by die Christelike idees en feite. Hulle het die Sabbat op Saterdag onderhou” (*History of the Christian Church*, bl. 40).

Jesus het gesê: “Die Sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die sabbat nie. Daarom is die Seun van die mens Here ook van die sabbat” (Markus 2:27-28). Die Bybel openbaar duidelik dat die Sabbat heilig gemaak is lank voordat daar 'n Jood was om dit te onderhou! Die Skepper het die Sabbat geheilig as 'n dag van rus en aanbidding vir die hele mensdom. Dit is onmiddellik na die skepping van die mens geskep: “So is dan voltooi die hemel en die aarde met hulle ganse leërmag. En God het op die sewende dag sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het. En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak” (Genesis 2:1-3).

Let daarop dat God “die sewende dag” geseën en geheilig het, nie sommer enige dag van die sewe dae nie! Vandag se “hoofstroom” kerke erken dit, selfs terwyl hulle Sondag “vier”. Soos die prominente Rooms-Katolieke kerkvors, James Cardinal Gibbon skryf: “U kan die Bybel deurlees van Genesis tot Openbaring en u sal nie 'n enkele sin vind wat die heiliging van Sondag magtig nie. Die Skrif dwing die godsdienstige onderhouding van Saterdag af, 'n dag wat ons nooit heilig nie” (in *Faith of our Fathers*, 1876).

Baie opregte Christene vergeet dat God die onderhouding van die ware Sabbat 'n spesiale uitkennings-“teken” gemaak het tussen Hom en Sy volk. Enige kerk of enige nasie wat, wetend of onwetend, hierdie uitkennings-“teken” verwerp sal sy begrip van wie die ware God is verloor en die gesag, die mag en die werklikheid van die ewige God wat die hemel en die aarde geskape het en nog onderhou, nie raaksien nie!

God het aan ons geestelike voorvaders, die kinders van Israel gesê: “Julle moet sekerlik my sabbatte onderhou, want dit is 'n teken tussen My en julle in julle geslagte, sodat die mense kan weet dat Ek die HERE is wat julle heilig” (Exodus 31:13). Terwyl politeïstiese heidene regoor die wêreld die waarneming van die eerbiedwaardige “Dag van die Son” – Sondag – onderhou het, het God aan Sy volk gesê om die sewende dag te onderhou as 'n herdenking

van die skepping. Dit het 'n “teken” tussen God en sy volk geword. Dit identifiseer die ware God as Skepper. Dit identifiseer diegene wat hierdie “teken” onderhou as Sy volk, 'n volk wat afgesonder is van die wêreld.

God se Woord sê aan ons dat selfs die heidense nasies geseën sal word indien hulle God se heilige Sabbat onderhou. “En die uitlanders wat hulle by die HERE aangesluit het, om Hom te dien en om die Naam van die HERE lief te hê deur sy knegte te wees – elkeen wat die sabbat hou, sodat hy dit nie ontheilig nie, en hulle wat vashou aan my verbond, hulle sal Ek bring na my heilige berg, en Ek sal hulle vreugde laat smaak in my huis van gebed; hulle brandoffers en hulle slagoffers sal welgevallig wees op my altaar; want my huis sal 'n huis van gebed genoem word vir al die volke” (Jesaja 56:6-7). Jesaja was geïnspireer om aan ons te sê dat gedurende die komende duisendjarige Vrederyk van Christus op aarde, almal God se Sabbat sal onderhou: “En elke maand op die nuwemaan en elke week op die sabbat sal alle vlees kom om te aanbid voor my aangesig, sê die HERE” (Jesaja 66:23).

Ongelukkig word die Sabbat gewoonlik in ons moderne, verheidense samelewing beskou as moeilik om te onderhou. Dit het 'n toets vir 'n mens se gewilligheid, om homself werklik te onderwerp om volgens elke woord van God te leef, geword. Dit is dus slegs 'n paar miljoen Jode en Christelike

Anatema!

“Ketter! Jy is anatema [’n vervloeking]”!

Deur Dexter Wakefield

Vir eeue lank het hierdie woorde wat Christus bely het vir baie mense dwarsdeur die Middeleeue met verskrikking vervul. Hierdie ernstige veroordeling het nie net uitsetting uit die Rooms-Katolieke kerk beteken nie, maar kon ook marteling of die dood beteken en dit het ook dikwels gebeur. ’n Algemene vorm van teregstelling was verbranding op die brandstapel en duisende mense het daardie gruwelike lot gely. Afwyking van die godsdienstige ortodoksheid was gevaarlik!

Wat is ’n *ketter*? “Iemand wat een of meer waarhede van die Christelike geloof verwerp, wat afwyk van die regsinnige leer; veral ’n afvallige van die Rooms-Katolieke geloof” (*HAT Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*). Die woord *anatema* beteken “een wat *vervloek* is deur kerklike gesag” (*Merriam-Webster Dictionary*) en deur die tweeduisend jaar van die Roomse kerk se bestaan, het baie mense wat so *vervloek* is, dikwels gevind dat hulle ook *beskuldig* was van ’n halsmisdaad, wat strafbaar was deur marteling of dood deur die burgerlike owerhede.

Die “oorspronklike” Kerk van God

Moderne geleerdes erken dat die Kerk, soos dit in die eerste eeu bestaan het, heel

anders in geloofsoortuiging en in praktyk was as dit wat gevolg het in die daaropvolgende eeue. Jesse Lyman Hurlbut, ’n Protestantse geestelike en skrywer, erken die dramatiese verandering wat plaasgevind het. Hy skryf: “Vir vyftig jaar na Paulus se lewe hang ’n gordyn waardeur ons tevergeefs probeer kyk oor die Kerk en wanneer dit ongeveer 120 n.C. uiteindelik lig met die geskrifte van die vroegste kerkvaders, vind ons ’n Kerk wat in baie aspekte **heeltemal verskil** van dié in die dae van Petrus en Paulus” (*The Story of the Christian Church*, bl. 41). Hierdie Christelike Kerk, vóór die veranderinge wat in die tweede en derde eeu begin plaasvind het, staan vandag by geskiedkundiges en teoloë bekend as “Die oorspronklike Kerk”.

Hoe was dit om ten tye van die Apostels ’n gelowige in Christus te wees? Geskiedkundig was dit baie anders as vandag. Byvoorbeeld, u sou die Bybelse Sabbat heilig gehou het, soos die gebod sê: “*Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig*” (Exodus 20:8) en u sou daarby ook die jaarlikse Heilige Dae onderhou het, (Exodus 20:8-11; Levitikus 23; Hebreërs 4:9-10; 1 Korinthiërs 5:8) asook die Christelike Pasga (Lukas 22:15; 1 Korinthiërs 11:23-25). Heidene wat lede van die oorspronklike

Kerk was sou nie “probeer om Joods te wees” wanneer hulle al tien van die Tien Gebooe onderhou het nie; intendeel, hulle het daarna gestreef om God te gehoorsaam (Mattheüs 19:17; 1 Johannes 2:3-4; 5:3; Openbaring 14:12).

Die “oorspronklike Kerk” het geglo dat die Evangelie van die Koninkryk van God wat Jesus verkondig het, verwys na ’n werklike Koninkryk op aarde wat deur Jesus van Nasaret as die Messias gevestig sou word wanneer Hy weer kom om Sy duisendjarige vrederyk te begin. In die gedagtes van die meeste belydende Christene, is die boodskap van Christus se Wederkoms wanneer Hy as Koning oor ’n werklike aardse Koninkryk vanuit Jerusalem sal regeer, nie letterlik waar nie en behoort dit slegs as ’n versinnebeelding beskou te word. Indien iemand glo in wat hulle spottend die “politieke Messias” noem, sal sodanige oortuiging gebrandmerk kan word as kettery.

Jesus het gesê: “Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie” (Markus 16:15). Vandag verskil miljarde belydende Christene egter oor wat die ware Evangelie is.

Dink aan wat die grootste enkele groep belydende Christene met meer as ’n miljard aanhangers, sy lede leer: “Die koninkryk van God beteken dan

dat *God in ons harte regeer*; dit beteken daardie *beginsels* wat ons afsonder van die koninkryk van die wêreld en die duiwel; dit beteken die *goedgunstige invloed van genade*; dit beteken die *Kerk* ("*Kingdom of God*", *Catholic Encyclopedia*). Baie ander mense identifiseer die Koninkryk van God met die hemel, waarin hulle verwag om te woon na hulle dood. Sommige mense het geen belangstelling in die Koninkryk van God nie en fokus slegs op die persoon van Jesus Christus.

Almal kan nie reg wees nie. Sedert Christus se dood en opstanding, is die verskeidenheid van leerstellings wat verkondig word in die naam van "Christelikheid" nogtans uiteenlopend. Selfs gedurende die eerste eeu n.C. moes die Apostels met valse leraars en leerstellings worstel. Die apostel Paulus het gekla oor die dwaalleringe wat in die vroeë Kerk ingebring is. Hy sê: "Ek verwonder my dat julle so gou afvallig word van hom wat julle deur die genade van Christus geroep het, na 'n *ander evangelie* toe, terwyl daar geen ander is nie; behalwe dat daar sommige mense is wat julle in die war bring en *die evangelie van Christus wil verdraai*" (Galasiërs 1:6-7).

Van die begin af het die Kerk wat Jesus Christus gestig het, geglo dat Christus sou terugkeer in krag en heerlikheid om 'n wêreld-regerende Koninkryk te vestig en dat Sy heiliges onder Hom op aarde sou regeer vir 'n tydperk wat bekend staan as die "Millennium". Hoewel daardie

hoop-gevulde boodskap van die begin af na aan die hart van ware Christenskap was, is dit nogtans in later eeue verwerp as blote versinnebeelding. Die ortodoksie van die eerste-eeuse Kerk was gou beskou as kettery.

Paulus het ook gewaarsku dat valse leraars sou kom en valse leerstellings verkondig. "Maar wat ek doen, sal ek nog doen om die aanleiding af te sny vir die wat 'n aanleiding wil hê, sodat hulle in die saak waar hulle op roem, net soos ons bevind mag word. Want sulke mense is valse apostels, bedrieglike arbeiders wat hulleself verander in apostels van Christus. En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in 'n engel van die lig. Dit is dus niks besonders wanneer sy dienaars hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid nie. Maar hulle einde sal wees volgens hulle werke" (2 Korinthiërs 11:12-15).

Die moeilikheid het begin

In die vierde eeu n.C. het die Roomse kerk 'n reeks raadsvergaderings of sinodes gehou om die leerstellings vas te stel wat hulle voortaan sou handhaaf. Tydens die Raad van Nicea (325 n.C.), is Sondagviering amptelik gekodifiseer (waaronder ander leerstellings). Daarna, tydens die Raad van Laodicea (ongeveer 364 n.C.), is nie net die Sondagonderhouding bekragtig nie; die lankgehandhaafde onderhouding van die Bybelse sewende-dag Sabbat was *verbied*. Dit was nodig dat Roomse kerkleiers daardie uitspraak maak, want die Christelike onderhouding

van al tien die Tien Gebooe, met inbegrip van die gebod rakende die sewende-dag Sabbat, was steeds wydverspreid.

Kerkreël 29 van die Raad van Laodicea lui: "Christene moet nie verjoods deur op die Sabbat te rus nie, maar moet op daardie dag werk en eerder die Here se Dag [’n verwysing na Sondag] vereer; en as hulle kan, dan rus as Christene. Maar as iemand gevind word wat verjoods, **laat hulle anatema wees** van Christus".

Die Raad van Laodicea het nie net mense verbied om op die Bybelse Sabbat te rus soos vereis word in die Tien Gebooe nie; dit het bepaal dat mense weliswaar *werk* op daardie dag en daardeur ontheilig wat God heilig gemaak het. Diegene wat *geweier* het om die Sabbatsgebod te oortree, was as kettters verban en *anatema* verklaar.

In latere eeue het 'n uitspraak as *anatema* oor 'n individu 'n indrukwekkende seremonie deur die Pous self vereis. "Anatema bly 'n baie belangrike verbanning wat met groot erns bekend gemaak behoort te word. 'n Prosedure vir hierdie seremonie is deur pous Sagarius opgestel (741-52) ... Hy neem sy sitplek aan die voorkant van die altaar of op 'n ander geskikte plek in en spreek die voorgeskrewe anatema uit wat eindig met hierdie woorde: 'Dus, in die naam van God die Almagtige, Vader, Seun en Heilige Gees, van die geseënde Petrus, Prins van die Apostels en van al die heiliges, op grond van die mag wat aan ons gegee is om te bind en te ontbind in die

hemel en op die aarde, ontnem ons [die persoon] self en al sy medepligtiges en al sy handlangers van die gemeenskap met die Liggaam en Bloed van ons Here en ons skei hom af van die gemeenskap van alle Christene, ons **sluit hom uit** van die boesem van die Heilige Moeder van die kerk in die hemel en op aarde, ons verklaar dat hy **geskors** en met die banvloek getref is en ons oordeel hom om **veroordeel** te word tot die ewige vuur saam met Satan en sy engele en al die goddeloses, so lank as wat hy nie die boeie van die duiwel verbreek, boete doen en die kerk tevrede stel nie; ons lewer hom aan Satan oor, om sy liggaam dood te maak, sodat sy siel op die dag van die oordeel gered kan word'. Hierop reageer al die assistente bevestigend: '*Fiat, Fiat, Fiat*' ("*Anathema*", *Catholic Encyclopedia*).

Hierdie gelowiges was **uitgesluit ... geskors ... veroordeel!**

Klein kuddetjie ... of ketters?

Jesus het voorspel dat Sy Kerk 'n "klein kuddetjie" sou wees (Lukas 12:32) wat vervolgt sou word. "Hulle sal julle uit die sinagoges ban. Ja, daar kom 'n uur dat elkeen wat julle om die lewe bring, sal dink dat hy 'n diens aan God bewys" (Johannes 16:2). Hy het ook gesê: "As hulle My vervolgt, sal hulle julle ook vervolgt ..." (Johannes 15:20). Dit sal voortduur tot en met die tyd van Sy Wederkoms. "Dan sal hulle julle aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word terwille van my

Naam" (Mattheüs 24:9).

Is daar vandag groepe wat Christus bely, maar beskou word as ketters? Daar is verseker. Deesdae word daardie groepe wat iets anders as die "hoofstroom" bely egter eerder "sektariërs" as ketters genoem en die term "sekte" self het 'n besondere negatiewe betekenis. Wanneer hulle die term "sekte" of "kultus" hoor, is die meeste mense geneig om te dink aan 'n groep wat sy lede fisies of sielkundig benadeel. In die akademiese bestudering van godsdiens het die term egter 'n eenvoudiger betekenis: "'n Stelsel of gemeenskap van godsdienstige aanbidding of ritueel".

Wanneer u ook na die 19de eeuse Engelse geskryfte kyk, sal u sien dat "kultus" 'n nie-veroordelende woord was, wat basies 'n sinoniem vir "sekte" of "denominasie" was. Vandag egter, het die woord van betekenis verander en ons vind dat dit dikwels op 'n veroordelende manier gebruik word. Sommige mense gebruik dit om hulle afkeur uit te spreek teenoor groepe wat hulle lede aan uiterste fisiese, emosionele of persoonlike spanning blootstel. Binne die "hoofstroom Christelikheid" is daar egter 'n toenemende neiging om die woord "kultus" te gebruik as 'n manier om daardie kerke wat nie hoofstroom teologie verkondig nie, te verkleineer.

Een van die meer invloedryke boeke van hierdie soort, *Kingdom of the Cults*, deur Walter Martin, is die eerste keer in 1965 gepubliseer. Martin

brandmerk 'n aantal godsdienstige groepe as nie-Christelike kultusse as *gevolg van hulle teologie*. Hy haal die vooraanstaande teoloog en professor Charles Braden aan: "Met die term kultus bedoel ek niks neerhalends van enige groep wat so geklassifiseer is nie. 'n Kultus, soos ek dit definieer, is enige godsdienstige groep wat in een of meer opsigte aansienlik verskil ten opsigte van geloof of praktyk, van daardie godsdienstige groepe wat as die normatiewe beoefening van godsdiens in ons totale kultuur beskou word ... Vanuit 'n teologiese oogpunt bevat kultusse baie belangrike afwykings van die historiese [Rooms-Katolieke] Christenskap. Ironies egter, bly hulle daarop aandring dat hulle geregtig is om as Christene geklassifiseer te word" (bl. 11).

Elders skryf Martin: "'n Kultus is dus 'n groep mense wat gepolariseer is rondom iemand se interpretasie van die Bybel en word gekenmerk deur groot afwykings van die ortodokse Christelike geloof ten opsigte van die vernaamste leerstellings van die Christelike geloof" (*Rise of Cults*, bl. 12). Let egter op! Wanneer Martin verwys na die "vernaamste leerstellings", verwys hy na die ortodoksheid wat ontwikkel het *na die eerste eeu* en later in 'n wetboek gekodifiseer is op grond van die gesag van die Roomse kerk. Die meeste geskiedkundiges, beide sekulêr sowel as godsdienstig, verstaan dit.

Oorweeg hierdie kommentaar deur skrywers Josh

McDowell en Don Stewart: “'n Kultus is 'n perversie, 'n verdraaiing van Bybelse Christenskap en/of 'n verwerping van die historiese leer van die Christelike Kerk” (*Understanding the Cults*, bl. 17). Hulle definisie druis in teen die algemene hoofstroom beeld van 'n “kultus”. Hulle erken eerder: “In die meeste gevalle sou ons dit moeilik vind om enige element af te sonder in die metodiek van 'n kultus wat nie in die een of ander vorm in hoofstroom kerke teenwoordig is nie. *Vir Christene behoort die grootste probleem met kultusse die teologie te wees!*” (*ibid.* bl. 20).

Net soos baie soortgelyke kommentators, sê McDowell en Stewart nie dat 'n godsdienstige groep *skadelik* behoort te wees om as 'n kultus gebrandmerk te word nie, dit hoef net *anders* te wees. Ironies genoeg, terwyl hulle dit sê, verwerp hulle baie

van die oortuigings en praktyke van die eerste-eeuse Kerk. Volgens hierdie skrywers kan byvoorbeeld die behoud van dieselfde sewende-dag Sabbat wat Jesus Christus en Sy Apostels onderhou het, gesien word as *die kenmerk van 'n kultus!*

Vrees, skynheiligheid ... of geloof?

Baie “hoofstroom” predikante vrees dat hulle gemeentelede betrokke kan raak in persoonlike studie wat hulle sal weglei van die leerstellings wat in die vierde eeu n.C. deur die Roomse kerk gekodifiseer is tydens die Raad van Laodicea. Dus is hulle vinnig om die bangmaak-woord “kultus” te gebruik, om so-doende ondersoekers af te skrik van 'n teologies andersoortige groep. Om 'n bepaalde godsdienstige geloof dus te brandmerk as 'n *kultus*, skep onver-

mydelik vrees en agterdog betreffende sy lede. Dit kan teologiese verskille omskep in bietjie meer as *eenvoudige skynheiligheid*.

Vandag word mense wat aan Jesus Christus se oorspronklike, eerste-eeuse geloof vashou, dikwels gemarginaliseer as kettters, nie-Christelike kultuslede, baie soos die geval in die vierde eeu n.C. was. Hulle word “**uitgesluit ... verban ... veroordeel**”. Die “hoofstroom Christendom” sê weereens aan die oorspronklike geloof, “**Ketter! Jy is anatema!**”

Gaan u die meerderheid volg? Of gaan u die oorspronklike Christenskap van Christus se “klein kuddetjie” beoefen, die Christelike geloof wat u in u Bybel vind, maak nie saak wat enigiemand anders daaroor te sê het nie? **WYV**

God se Kerk deur die eeue

God se Kerk het deur die eeue bly bestaan. Dit is 'n “klein kuddetjie” (Lukas 12:32), maar God het altyd aan Sy belofte getrou gebly dat “die poorte van die doderyk ... dit nie [sal] oorweldig nie” (Mattheus 16:18). In hierdie onthullende boekie sal u 'n verkorte weergawe van die fassinerende geskiedenis van die ware Kerk van God vind.

Hierdie boekie is nie te koop nie! Dit word (soos al ons ander publikasies) gratis aangebied as 'n opvoedkundige publikasie deur die Lewende Kerk van God.

Skryf in of skakel ons om u eie kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te kry!

London Roep

Waarom die Sabbat onderhou?

Deur John Meakin

Het u al ooit nagedink oor watter verbeterings u sal aanbring indien u die wêreld regeer? Dit is die taak wat *Prospect Magazine*, 'n periodieke algemene Britse tydskrif, met elke uitgawe vir hulleself ten doel stel. In 'n kolom getiteld: "As ek die wêreld regeer?" word skrywers uitgenooi om hulle menings daarvoor uit te spreek en dit is dikwels stimulerende leesstof.

In die Augustus 2013-uitgawe, voorsien Jonathan Sacks, die nou afgetrede Hoof-Rabbi van die Verenigde Hebreeuse Gemeentes van die Statebond, 'n prikkelende artikel getiteld "*Bring Back the Sabbath – It Holds Society Together*".

Hy het begin deur beskeie te sê: "*Indien ek die wêreld regeer sou ek onmiddellik bedank. Dit is moeilik genoeg, individueel en gesamentlik, om onself te regeer, wat nog van ander. Indien ek egter 'n uur gegun word voordat ek bedank, sou ek een instelling, wat die mag het om die wêreld te verander, bekragtig. Dit staan bekend as die Sabbat*".

Hoe kan onderhouding van die Sabbat die wêreld verander? Is die Sabbat 'n dag wat Brittanje en die hele wêreld *werklik* behoort te onderhou? Die volgende antwoorde mag u verras.

Verander die gemeenskap

Rabbi Sacks bied verskeie

redes vir die onderhouding van die Sabbat elke week. Hy wys daarop dat die Sabbat "*aan 'n kultuur die idee van beperkings voorste*". Dit is goed om 'n dag opsy te sit om te rus van ons werk en om die alte menslike geneigdheid om te produseer, te verbruik en ons hulpbronne uit te put, te beperk. Dit stel ook 'n dag vas waarop waardes nie bepaal word deur geld of iets soortgelyks nie, want dit is nie 'n dag vir koop en verkoop of vir gereelde besigheid nie. Dit is 'n dag om te konsentreer op verhoudings, wat Sacks glo, bepaal word deur "*verwantskap, samehorigheid en wedersydse verantwoordelikheid*". Laastens vernuwe dit maatskaplike kapitaal. "*Dit bind mense saam in gemeenskappe op wyses wat nie gestruktureer word deur transaksies van rykdom of mag nie*". Sacks meld dat die Sabbat aanvanklik selfs gedien het as 'n kalmerende mag op slawe. Dit was 'n dag waarop selfs slawe, as deel van die gesin, in antieke Israel moes rus (Exodus 20:10).

Bring mense bymekaar

Dit is vandag nodig dat ons bevry word van baie ander vorms van "slawery" – van rekenaars, elektroniese speletjies, televisie, sakeverwante oproepe en van al die druk van ons moderne verbruikerssamelewing. Stel u 'n dag voor sonder die gebruikelike tekste, tweets en e-posse. 'n

Dag sonder inkopies! Stel u 'n dag voor wat gewy word aan familie, die gemeenskap, studie en gesamentlike betuigings van dankbaarheid.

Soos Sacks opgemerk het, ons leef in 'n tyd van individualisme waarin die meeste van ons besig is met ons persoonlike plesier en materialisme; die resultaat is die ineenstorting van die samelewing. Hy sluit af: "*n Eenmaal-per-week Sabbatsrus wat publiek is – nie privaat nie – sou vernuwend wees vir die maatskaplike struktuur, die huisgesinne en gemeenskappe wat deesdae ons liberale demokratiese vryheid versterk*".

Rabbi Sacks maak 'n onomstootlike stelling dat die Britse samelewing en die wêreld oor die algemeen baie beter af sou wees indien die Sabbat onderhou sou word. By nadere ondersoek van die Skrif word heelwat grondliggende redes en doeleindes onthul vir die behoud van die sewende-dag Sabbat elke week.

Die sewende-dag Sabbat vereer God

God het die sewende-dag Sabbat heel aan die begin van die menslike geskiedenis ingestel. In die skeppingsverhaal wat ons in Genesis 2:3 vind, leer ons: "*En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak.*"

Die Sabbat word hier beskryf as heilige tyd, iets om elke week opsygesit te word om die God te vereer wat dit ingestel het. Afgesien van enige voordeel wat die Sabbat ongetwyfeld vir die gemeenskap mag inhou, behoort ons op die sewende dag te rus, omdat God self *die voorbeeld gestel het deur te rus op daardie dag*. Deur op die sewende-dag Sabbat te rus, sou God as die middelpunt van alle menslike lewe en aktiwiteite heilig.

Ons raak bewus daarvan dat God die heelal geskape het en in beweging gebring het met al sy wonderlike wette, asook die planeet Aarde met alle lewe daarop, wanneer ons die sewende-dag Sabbat eer. Hoeveel mense glo dit egter vandag, of weet van sulke dinge? 'n Wêreld wat van God vergeet het behoort dringend herinner te word aan die ware God en die onderhouding van die sewende-dag Sabbat sal 'n groot rol speel om daardie doel te bereik.

Genesis 2 maak dit duidelik dat God oorspronklik bedoel het dat die sewende-dag Sabbat deur almal onderhou moes word, nie slegs deur die twaalf stamme van Israel nie en beslis nie slegs deur Juda nie. Dit word beklemtoon deur Jesus se eie woorde in Markus 2:27: “*Die sabbat is gemaak vir die mens*” (Grieks *anthropos*, “mensdom”). Trouens, Jesus Christus is “*Here ook van die Sabbat*”, wat beteken dat *alle* volgelinge van Jesus Christus die Sabbat behoort te onderhou (vers 28).

Vandag weet baie mense wat bely dat hulle Christus volg

dat hulle die Sabbat behoort te onderhou, maar hulle probeer dit op Sondag doen! Volgens die Bybel is Sondag, die eerste dag van die week, nie die Sabbat nie! Daardie naam word uitsonderlik gehou vir die sewende dag van die week, wat elke Vrydag teen sonder begin. Dit is die dag waarop God gerus het en dit is die dag waarop die eerste Christene van die begin van Jesus Christus se bediening af gerus het. Uit die geskiedenis weet ons dat dit nie Christus was wat Sondag-onderhouding ingestel het nie; hierdie verandering is in die vierde eeu n.C. formeel gekodifiseer deur die Roomse kerk.

Wat was die gevolg van hierdie verandering, van menslike voorkeur wat voorrang geniet bo God se wil vir ons dag van rus? Sonder God se gesag daaragter, is dit dan enigsins werklik 'n verrassing dat Sondag-onderhouding grootliks 'n bleek namaaksel van gehoorsaamheid aan God se vierde gebod is (Exodus 20:8)? Soos Sacks dit van sy eie nasie uitwys, is hulle dag van rus “*gedereguleer en geprivatiseer. Heilige Dae het vakansiedae geword, heilige tyd het vrye tyd geword en rus het ontspanning geword. Die aanname was dat almal daarby sou baat, want ons kon almal self besluit hoe om die dag deur te bring. Dit was en is steeds, misleiding*”.

Die toekoms afwag

Die apostel Paulus het ons geleer dat *rus*, of “*n sabbatsrus*” (Hebreërs 4:9, Grieks *sabbatismos*) baie belangrik vir Christene behoort te wees, want dit

dui op die komende duisendjarige rus, wanneer Jesus Christus sal terugkeer om oor die hele wêreld te regeer. Die onderhouding van die sewende-dag Sabbat in die gepaardgaande stemming en soos God beveel het, herinner Christene aan hierdie ongelooflike toekoms.

Jesus Christus het belowe dat Hy na die planeet Aarde sal terugkeer in die oomblik wanneer die aarde in die grootste gevaar verkeer, om sodoende die vernietiging van alle lewe te voorkom (Mattheüs 24:21-22). Hy sal 'n regering oprig en 'n duisend jaar saam met die opgewekte heiliges regeer (Openbaring 20:4) vanuit Sy hoofkantoor in Jerusalem (Sagaria 14:8-9). Dit sal 'n ewige koninkryk word wat vir altyd sal duur.

Kan u uself die dag indink wanneer Brittanje en die hele wêreld die Sabbat heelhartig sal onderhou, op die regte dag en om die regte redes? Volgens Bybelprofesie, sal daardie dag kom. Wanneer Christus en die verheerlikte heiliges oor *die wêreld regeer*, sal almal met vreugde al God se Sabbatte onderhou!

Onderhouding van God se sewende-dag Sabbatdag elke week, sal 'n ingrypende herindelings van ons gebruik van tyd moontlik maak. Dit vereis dat ons anders dink en ons prioriteite herrangskik in harmonie met die manier waarop God dink. Fisies gee die Sabbatsrus lewenskrag aan die liggaam, terwyl dit terselfdertyd ook die gees verfris. Voorwaar, wat 'n verskil kan 'n dag maak! 

Hou die Midde-Ooste dop

Deur Richard F. Ames

Sal ons ooit vrede in Israel en die omliggende Arabiese lande sien? Bybelse profesie toon hoe die gebeure in daardie streek die toekoms van die ganse wêreld sal bepaal.

Na meer as 'n dekade van militêre betrokkenheid in Irak, is Amerikaanse leiers geskok met die vinnige opgang van die ISIS-beweging ("Islamitiese staat in Irak en Sirië"), wat eeue-oue grense wat deur die Britte bepaal is, verwerp en probeer om regoor 'n oorloggeteisterde oorblyfsel van die ou Otto-maanse Ryk 'n Moslemstaat, wat deur die Shariah-wet regeer word, te vestig.

ISIS-ondersteuners word daarvan beskuldig dat hulle Palestyne werf om hulle saak te bevorder, om hierdie gekwelde streek nog verder te destabiliseer en moontlik ook die huidige regering van Jordanië in gevaar te stel. Israelse leiers raak al hoe meer bekommerd dat die konflik die Palestynse Owerheid 'n broeikas van terroriste-aktiwiteite sal maak en 'n groter bedreiging as ooit vir vrede in Israel kan word. Terwyl die troepe van die Israelse Weermag (IWM) toeslaan op terroriste-selle wat aktief uit die Gazastrook is, is daar bloedvergieting aan beide kante.

Vroeg in Augustus, na 'n bietjie meer as drie weke van daadwerklike pogings van die IWM om Gaza-gebaseerde aanvalle teen Israel te stop, was die geskatte dodetal meer as 'n duisend Palestyne; dit sluit baie burgerlikes tussen wie die

terroriste werk in, sowel as 'n paar dosyn Israeli's, meestal IWM troepe. Amptenare in beheer van die Verenigde Nasies se humanitêre programme, noem die Gaza-situasie "aaklig".

Hoeveel meer bloed sal nog vergiet word voordat hierdie konflik opgelos is? Hoeveel meer regerings sal opgang maak en weer val? Inderdaad, sal daar ooit 'n tyd aanbreek wanneer die Midde-Ooste blywende vrede sal bereik?

Die goeie nuus is dat u Bybel van 'n tyd praat wanneer daar vrede sal heers, nie net in die Midde-Ooste nie, maar oor die hele planeet Aarde. Daardie tyd sal slegs aanbreek na 'n tydperk van intense oorlog en lyding, soos ons wêreld nog nooit gesien het nie. Indien ons weet na watter profetiese tekens om na op te let, kan ons hoop en vertrou in God se beloofde toekoms van vrede hê, selfs terwyl ons nog verskriklike gevegte en verwoesting ervaar. Wat is 'n paar van daardie tekens?

Eerste teken: Militêre bondgenootskappe oos van die Eufraatrivier

Onthou u die Iran-Irak Oorlog? Dit het van 1980 tot 1988 geduur en meer as 'n miljoen mense is gedood. Die Eufraatrivier het 'n prominente rol in daardie konflik gespeel en u

Bybel toon dat dit weer die middelpunt sal wees in geprofeteerde eindtydse gebeure.

Die Eufraatrivier vloei uit Turkye deur Sirië en Irak na die Persiese Golf. Die nasie van Iran lê direk aan die oostekant van Irak. Tydens die geprofeteerde Dag van die Here, sal 'n groot leër van 200 miljoen soldate weswaarts oor die Eufraatrivier beweeg, die Midde-Ooste in.

In die boek Openbaring lees ons van 'n magtige weermag uit die Ooste, wat miljarde mense sal doodmaak. Die apostel Johannes beskryf dit as die sesde-basuin plaag. Let op waar hierdie groot mag sal versamel: "En die sesde engel het geblaas, en ek het 'n stem gehoor uit die vier horings van die goue altaar wat voor God is, en dié het aan die sesde engel met die basuin gesê: Maak die vier engele los wat gebind is by die groot rivier, die Eufraat" (Openbaring 9:13-14).

Johannes gaan voort: "Toe is die vier engele losgemaak wat gereed gehou was vir die uur en dag en maand en jaar, om 'n derde van die mense dood te maak. En die getal van die leërs van perderuiters was twee maal tienduisend maal tienduisend; en ek het hulle getal gehoor. En só het ek in hierdie gesig die perde gesien en die wat op hulle sit, met vuurrooi en blou en swawelgeel

borsharnasse. En die koppe van die perde was soos leeukoppe, en uit hulle bekke het vuur en rook en swawel uitgegaan. Deur hierdie drie *plae* is 'n derde van die mense gedood, deur die vuur en deur die rook en deur die swawel wat uit hulle bekke uitgegaan het” (Openbaring 9:15-18).

Dit beskryf 'n wêreldoorlog waarin miljarde mense sal sterf, wanneer 'n leër van 200 miljoen soldate weswaarts oor die Eufraatrivier sal optrek en 'n derde van die planeet se bevolking vernietig! Dit is waarom Jesus Christus aan ons gesê het dat, tensy daardie dae verkort word, geen vlees lewend gered sou word nie (Mattheüs 24:21-22).

Watter wêreldmoondhede is oos van die Eufraat? Kyk na 'n kaart en u sal nasies wat Iran, Indië, China en Rusland insluit vind. Maak seker dat u daardie nasies se militêre ontwikkelings en internasionale bondgenootskappe dophou.

Tweede teken: Groter eenheid tussen Israel se jarelange vyande

In Junie 1967 het Israel geveg in wat bekend geword het as die “Sesdaagse Oorlog”. Israel het te staan gekom teen die gekombineerde magte van Egipte, Sirië en Jordanië en hulle het die Sinaï-skiereiland, die Golan Hoogtes, die Wes-Bank en Oos-Jerusalem verower. Hierdie oorwinning het Israel toegang gegee tot Jerusalem se antieke heilige plekke. Dit sluit die Westelike

Muur (ook bekend as die “Klaagmuur”) op die Tempelberg in. Aan die einde van die oorlog het Israel aangebied om die Wes-Bank terug te gee na Palestynse beheer, indien hulle Israel se algehele eienaarskap van Jerusalem sou aanvaar. Gamal Abdel Nasser, Egipte se president van daardie tyd, het by sy Arabiese bure aangesluit en Israel se land-vir-vrede aanbod geweier.

Sewe jaar later, op 6 Oktober 1973, moes Israel homself weer verdedig in wat bekend geword het as die “Yom Kippur Oorlog”. Omdat dit begin het op die Versoendag van daardie jaar, het Israel aanvalle afgeweer uit Egipte en Sirië. Uiteindelik het Israel, Egipte en Sirië ingestem tot 'n Verenigde Nasies skietstilstand-plan om daardie konflik te beëindig.

Sedertdien was daar af en toe militêre aanvalle, sowel as die jarelange *intifada* (Arabiese vir “afskud”) waarin Palestynse weerstand somstyd bloedig uitgebeeld word, teen wat hulle beskou het as onregverdige Israelse oorheersing. Gevegte en bloedvergieting het ook onder die strydende Palestynse faksies voortgeduur; op 'n stadium het die Palestynse Owerheid se president, Mahmoud Abbas, sy nasie beskryf as “op die rand van 'n burgeroorlog” as gevolg van die gevegte tussen sy Fatah-organisasie en die Islamitiese militante groep Hamas – dieselfde groepe wat vroeër verlede jaar in 2014 groot stappe geneem het om versoening te

demonstreer deur middel van hulle ooreenkoms toe hulle 'n “eenheids”-regering gevorm het. Sal hierdie eenheid voortduur, of sal eeue-oue voorbeelde van konflik weer na vore tree? Wat ook al die korttermyn antwoord, die geskiedenis bewys dat selfs terwyl intra-Arabiese konflikte voortgaan, strydende Midde-Oosterse nasies nie sal huiwer om kragte saam te snoer om teen Israel te veg nie.

In die noorde bly die nie-Arabiese nasie van Iran 'n bedreiging, terwyl massiewe saamtrekke regoor die land Palestyne in Gaza en elders aanhits om teen Israel te veg “tot die bitter einde”. Iran gaan ook voort met sy strewe om kernwapens te ontwikkel.

Suid van Iran gaan tradisionele geskille tussen Arabiere en Moslems voort, maar studente van Bybelse profesie weet om bedag te wees op die groeiende eenheid onder hierdie magte teen hulle gemeenskaplike vyand, Israel. Terwyl sommige kenners verkeerdelik fokus op Iran as Israel se vernaamste vyand en die belangrikste ontwrigter van die streek, openbaar u Bybel dat dit 'n “koning van die Suide” sal wees wat verskeie Arabiese nasies sal verenig en 'n magsblok sal vorm, so dreigend dat die geprofeteerde “Koning van die Noorde” sy militêre bedrywighede rondom Jerusalem sal verskerp (Daniel 11:40-45). Dit sal 'n verskriklike botsing meebring wat ons wêreld sal skud, maar Bybelstudente sal in staat wees om te erken dat

hierdie ook 'n teken is soos geprofeteer, dat Jesus Christus binnekort sal terugkeer.

Derde teken: Internasionale pogings om Jerusalem te beheer

Vir jare lank het Jerusalem se belangrikheid vir drie groot wêreldgodsdienste, Jerusalem se administrasie 'n fokuspunt van internasionale omstredenheid gemaak. Hoewel Israel sedert 1967 beheer uitoefen oor Oos- sowel as Wes-Jerusalem, wil baie ander regerings sien dat Jerusalem internasionaal geadministreer word. Die oorspronklike 1947-Verenigde Nasies Verdelingsplan vir Palestina (VN se Algemene Vergadering Resolusie 181) het voorgestel dat Jerusalem behandel word as 'n *corpus separatum* – 'n internasionaal geadministreerde sone – en alhoewel hierdie status nooit in werking getree het nie, hoop baie mense nog dat iets soortgelyks bereik sal kan word. In 1984 het Pous Johannes Paulus II in sy apostoliese brief *Redemptoris Anno* geskryf hy hoop dat 'n “spesiale internasionale gewaarborgde status” aan Jerusalem gegee sal word. Wie mag daardie status waarborg? In 1975 het die VS staatssekretaris, Henry Kissinger, voorgestel dat Jerusalem 'n internasionale stad word met beheer oor die heilige plekke en die godsdienstige administrasie word aan die Rooms-Katolieke pous gegee.

Sal internasionale beheer oor Jerusalem bereik word? Die

Bybel onthul dat 'n skokkende wending van gebeure sal plaasvind, waardeur Jerusalem nie deur Israel nie, maar deur ander regeringsmagte beheer sal word. Die apostel Johannes skryf: “En 'n riet soos 'n stok is aan my gegee, en die engel het gestaan en gesê: Staan op en meet die tempel van God en die altaar en die wat daarin aanbid. Maar die voorhof buitekant die tempel moet jy uitlaat en dit nie meet nie, want dit is aan die heidene gegee; en hulle sal die heilige stad twee-en-veertig maande lank vertrap” (Openbaring 11:1-2).

Ja, Jerusalem (“die heilige stad”) sal vir 42 maande voor Jesus Christus se Wederkoms, deur heidense nasies beheer word! 'n Groot wêreldmoondheid, bekend as die “Dier” in die boek Openbaring, sal die Midde-Ooste verower en beheer van Jerusalem oorneem vir die drie-en-'n-half jaar voor die Wederkoms van Jesus Christus! Gedurende daardie tyd sal twee profete van God met kragtig getuig en die heidense magte wat dan die Midde-Ooste sal oorheers, teenstaan (Openbaring 11:3-14).

Vierde teken: Diere-offers word herstel in Jerusalem

Indien u die boeke Daniël en Mattheüs in u Bybel gelees het, is u moontlik verward oor die betekenis van die geheimsinnige “gruwel van die verwoesting”. Wat is dit en wat sal dit beteken in die eindtydse profesie? Laat ons eerstens na Jesus se eie woorde kyk: Hy het

gesê: “Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom – laat hy wat lees, oplet – dan moet die wat in Judéa is, na die berge vlug” (Mattheüs 24:15-16).

Dit is duidelik 'n belangrike teken om te verstaan. Dit dui die tyd aan vir God se mense om weg te vlug, om die finale drie-en-'n-half-jaar lange opeenvolgende vernietigende eindtydse profetiese rampe te ontvlug.

Die Griekse heerser, Antiochus Epiphanes het in 167 v.C. 'n bevel uitgereik wat die Jode verbied het om offers in die tempel te bring. “En deur hom sal leërs op die been gebring word en die heiligdom, die vesting, ontheilig, en hulle sal die voortdurende offer afskaf en die ontsettende gruwel opstel” (Daniël 11:31). Antiochus het nie net die daaglikse offers afgeskaf nie; hy het ook 'n standbeeld van Jupiter Olympus in die tempel opgerig en almal aangesê om dit te aanbid.

Hierdie gebeurtenis, wat ook in Daniël 8 beskryf word, is 'n versinnebeelding van 'n eindtydse mylpaal. “En van die tyd af dat die voortdurende offer afgeskaf en die ontsettende gruwel opgerig word, sal duisend-tweehonderd-en-negentig dae verloop” (Daniël 12:11). Ja, 1,290 dae voor Jesus Christus se Wederkoms sal diere-offers weer afgeskaf word! Jesus waarsku ons as Christene om op te let vir 'n eindtydse gruwel van verwoesting! Net

soos Antiochus Epiphanes die tempel in 167 v.C. ontheilig het en die offerande afgeskaf het, so sal 'n goddelose owerheid Joodse offers in die toekoms afskaf! In werklikheid waarsku die apostel Paulus ons teen 'n groot valse profeet wat in die heilige plek sal staan. "Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is" (2 Thessalonicense 2:3-4).

'n Groot valse profeet sal groot wonderwerke verrig en miljoene mense mislei. Hy sal die aanbidding van homself aanmoedig en aanspraak maak op die mantel van godheid. Hierdie groot valse profeet sal ongelooflike wonderwerke verrig, selfs vuur uit die hemel laat neerdaal en hy sal miljoene mense regoor die wêreld mislei (Openbaring 13:13-14)! Ons moet nogtans nie mislei word deur hierdie tekens en wonders nie! Die Skrif sê aan ons: "Beproof alle dinge; behou die goeie" (1 Thessalonicense 5:21).

Daar is egter 'n vangplek. Die Jode het sedert 70 n.C., toe die Romeine die tempel in Jerusalem vernietig het, nie diere geoffer nie. Om die eindtydse offers te kon beëindig, moes hulle tog eers heringestel gewees het! Wanneer diere-

offers weer in Jerusalem ingestel word, sal u weet dat die profesieë waarvan Jesus gepraat het, vinnig op pad is na 'n geweldige botsing wat klimaktiese afmetings sal aanneem!

Houdus die verwickelings in Israel dop wat tot die herinstelling van diere-offers sal lei. Dit mag of mag nie die herbouing van 'n volskaalse tempelgebou beteken nie. Let op na wat gebeur het toe die Jode teruggekeer het uit die Babiloniese ballingskap rondom 536 v.C. Hulle het 'n heilige plek gehad, maar nog nie 'n tempel nie. Die boek Esra beskryf hulle aankoms by die "huis van die HERE" voordat hulle 'n tempel gehad het waarin offers gebring kon word (Esra 3:8). Later, in die verse wat volg, lees ons van die tempel se fondasie wat gelê word.

Die punt is dat offers gebring moet word op 'n "heilige plek", maar ons het in Esra gesien dat offers daagliks gebring kon word, selfs sonder 'n fisiese gebou wat as 'n tempel bekend staan! Huidiglik word slegs Moslems toegelaat om op die Tempelberg te aanbid; die heiligste plek tans onder beheer van die Joodse godsdienstige owerhede is die Wesmuur (of "Klaagmuur"). Offers sal op die een of ander manier hervat word, hoewel dit nog onbekend is waar en hoe dit sal plaasvind. Wees op die uitkyk vir 'n groot nasionale krisis in Israel om hierdie gebeurtenis te bespoedig!

Vyfde teken: 'n Europese supermoondheid in beheer van Jerusalem

Ons het vroeër geleer van die geprofeteerde "koning van die Noorde", 'n supermoondheid noord van Jerusalem. Daardie supermoondheid word in Bybelse profesie geïdentifiseer as 'n herlewing van die ou Romeinse Ryk en, voor Christus se Wederkoms, sal sy magte beheer oorneem van Jerusalem. Die profeet Daniël beskryf ook die opkoms van 'n mededingende mag, gelei deur 'n leier **suid** van Jerusalem, wat teen daardie noordelike moondheid sal druk uitoefen. Let op: "Maar in die tyd van die einde sal die koning van die Suide met hom in botsing kom, en die koning van die Noorde sal op hom afstorm met strydwaens en perderuiters en baie skepe, en hy sal daarmee in die lande inkom en instroom en dit oorvloei. Hy sal ook kom in die Pragtige Land, en baie sal struikel; maar hierdie volke sal uit sy hand vryraak: Edom en Moab en die beste deel van die kinders van Ammon. En hy sal sy hand uitsteek teen die lande; ook Egipteland sal nie vrykom nie" (Daniël 11:40-42).

Die koning van die Noorde sal in die "Pragtige Land" ingaan, waar die moderne staat Israel geleë is. Bybelgeleerdes identifiseer Ammon (wat saam met Edom en Moab uit die koning se hand sal ontsnap) as moderne Jordanië sodat baie mense sal glo dat Jordanië 'n bondgenoot van die Europese moondheid sal wees. Wie sal deel wees van hierdie bond-

Vervolg op bladsy 20

Waarom werk?

Deur Seth Forrestier

Is werk niks meer as 'n vloek nie? Maak ons pogings regtig saak vir ons, of vir ander, of vir God?

“Sou dit nie wonderlik wees as ek nooit weer hoef te werk nie?”

Die meeste van ons het daardie gesegde of iets dergeliks al gesê of gehoor. Hoeveel van ons sou ons werk verlaat en ophou werk het indien ons skielike rykdom sou bekom? Is dit wat God van ons verlang – om vry te wees van die bande van “werk”?

Ek is reeds die derde geslag van hermodelleringskontraakteurs en ek sien uiteenlopende voorbeelde van die algemene gehalte van konstruksiewerk in my area. Met elke jaar wat verbygaan, verswak die kwaliteit al hoe meer. Ek moet dikwels ander mense se swak, werk wat in die eerste plek nie gedoen moes gewees het nie, regmaak. Vroeër vanjaar moes ek 'n ondersteuningsbalk bou om 'n swak geboude dak wat op die punt was om inmekaar te val, te stut. Ek word dikwels daardeur verstom en wonder hoe 'n werker bereid is om sulke slordige werk agter te laat.

Dit handel nie net oor “trots van vakmanskap” nie. In my beroep kan slordige werk tot ernstige probleme lei soos wanneer onder-bedrading of onvoldoende raamwerk dikwels tot besering of dood kan lei. Waarom lyk dit dus of so baie werkers nie omgee oor die gehalte van die werk wat hulle

doen nie? Is werk net veronderstel om 'n betreuenswaardige swaarkry te wees, iets wat ons doen om “kos op die tafel” te sit? Of verwag God dat dit iets meer behoort te wees?

In die Bybel het God baie oor werk te sê; trouens, Hy was die eerste om te werk! In Johannes 1:1-4 vind ons dat God oor alle mag beskik. Hy besit alles. Uit Sy eie wil, het Hy die hemel en die aarde geskape (Genesis 1:1). Ons vind dat God wou werk, selfs toe Hy nie nodig gehad het om dit te doen nie. So, wat is werk? Dit is 'n baie onderskatte geskenk van God.

'n Klein deeltjie van God se eie krag is aan ons gegee. Hy het nie aan ons die vermoë gegee om iets uit niks te maak nie, maar Hy het aan ons die kreatiewe verbeelding gegee om baie te maak van min! Hy wil ook hê dat ons hierdie gawe moet gebruik en Hy het aan ons 'n voorbeeld gegee van hoe Hy hierdie krag van skepping gebruik. Deur Sy voorbeeld vind ons dat ons, soos Hy, genot uit ons werk behoort te put. God het in Genesis 1 aan die einde van elke dag nabetrugting gehou oor Sy werk. “Toe sien God dat dit goed was.” Doen ons dit? Kyk ons aan die einde van ons werksdag terug en oordink ons die dinge wat ons gedoen het? Ons behoort!

Sommige mense tree op

asof hulle werk “wegdoenbaar” is, onbelangrike take wat min of geen sorgsaamheid vereis nie. Hierdie idee is egter nie in lyn met die Skrif nie. Salomo het geskryf: “Alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou mag” (Prediker 9:10). In Mattheüs 25:14-30 lees ons die gelykenis van die talente. Hoewel die “talent” hier 'n benaming van 'n geldeenheid is, is die vertaling uitdagend en die beginsel dieselfde. God het aan elkeen van ons 'n hoeveelheid vermoëns gegee en Hy verwag van ons om dit te vermeerder deur te werk. Selfs die werker met die minste moet meer teruggee as wat hy ontvang het.

Uiteindelik verwag God van ons om goed te wees met dit wat ons doen en Hy wil hê ons moet hou van wat ons doen, net soveel soos Hy daarvan hou. Hoeveel is dit? “Want so lief het God die wêreld gehad [Genesis 1:31 '... alles wat Hy gemaak het'], dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê” (Johannes 3:16).

Wil u graag in u werk uitblink? Wil u hê dat u kliënte tevrede moet wees met die uitvoering van u werk? Mediteer dan oor God se voorbeeld. Dink aan die einde van die dag na oor u werk. Vind tevredenheid in u goeie werk en wees gereed om

môre harder te werk en nog beter te doen. So 'n gesindheid

gaan nie ongesiens by werkgewers verby nie. Dit gaan ook

nie ongesiens by God verby nie.

WvM

Vervolg vanaf bladsy 7 – Watter Jesus aanbid u?

Sabbatsonderhouers wat enigsins 'n poging aanwend om die Bybelse Sabbat in ons moderne samelewing te onderhou. Jesus, die “lig van die wêreld”, het egter aan ons die voorbeeld gegee om die Sabbat te onderhou, net soos al Sy Apostels en volgelinge vir baie dekades na Sy dood. Wie het dus aan ander mense die reg gegee om hierdie Goddelike opdrag te verander?

Elke woord van God

Dit is duidelik dat die vroeë Christene hulle lewens op die groot geestelike Wet van God, die Tien Gebooie, gebaseer het. Hulle het probeer “leef van elke Woord van God”. Hulle het nie net sentimenteel oor Jesus Christus as persoon gepraat nie; hulle het ook Sy boodskap eerbiedig. Wanneer hulle “die Here Jesus Christus”, gesê het, het hulle erken dat die woord “Here”, “baas” beteken, die Een aan wie die mens gehoorsaam behoort te wees! Jesus herinner hulle in baie gedeeltes aan hierdie belangrike verhouding, onder andere Lukas 6:46: “En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?”

In die Bergpredikasie het Jesus God se Wet beklemtoon en uitgebrei: “Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat van sy vrou skei, behalwe omrede van hoerery, maak dat sy egbreuk pleeg, en elkeen wat die geskeie vrou trou, pleeg egbreuk” (Mattheüs 5:32).

Vandag egter, skei miljoene belydende Christene vir omtrent enige rede! Miljoene kerk-gangers lieg, bedrieg en pleeg egbreuk op 'n gereelde basis en vorm 'n integrale deel van ons moderne samelewing met sy genotsugtigheid, geweld en wellus en aanvaar ook bykans elke perverse vorm van gedrag wat bekend is aan die mens!

Die ware Christenskap van Christus is egter 'n **lewenswyse!** Dit bestaan uit 'n persoon se totale oorgawe aan God, uit aanvaarding van die Jesus Christus van die Bybel as Verlosser en Meester, die onderwerping van die self aan Hom, om Sy lewe in ons te leef deur die krag van die Heilige Gees. God se Woord sê aan ons: “Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid” (Hebreërs 13:8). Jesus sal dus vandag in ons dieselfde soort gehoorsame lewe leef as wat Hy 2,000 jaar gelede in die menslike vlees geleef het.

Die apostel Paulus skryf: “Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het” (Galasiërs 2:20). Die ware Christus van die Bybel sal binne in ons lewe indien ons onself werklik aan Hom oorgee en Hom aanvaar as Verlosser en Here.

Dit is dan nie die fisiese persoon wat God se gebooie in eie krag gehoorsaam nie; dit is die lewende Jesus Christus in ons! Soos Paulus skryf: “Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee” (Filippense 4:13).

Heel moontlik sal die Christus van die Bybel binne hierdie geslag terugkeer as Koning (Openbaring 11:15). Sy ware heiliges word as volg beskryf: “Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar” (Openbaring 14:12).

Deur werklik gehoorsaam te wees aan God se Wette in hierdie huidige misleide wêreld, sal hierdie “oorwinnaars” by Christus kan aansluit om oor die nasies hier op aarde te regeer (Openbaring 5:10). Ook: “Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspreek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie” (Jesaja 2:3-4).

Die sluier van geestelike blindheid sal uiteindelik weggestroop word van alle volke en nasies: “En Hy sal op hierdie berg vernietig die uitgespreide sluier wat al die volke omsluit, en die omhulsel waarmee al die nasies bedek is. Hy sal die dood

vir ewig vernietig, en die Here HERE sal die trane van alle aangesigte afvee; en Hy sal die smaad van sy volk van die hele aarde af wegneem; want die Here het dit gespreek” (Jesaja

25:7-8).

Dit is die Christenskap wat die ware Jesus Christus sal verkondig en op hierdie aarde sal toepas wanneer Hy weer kom as Koning van die konings.

Sal u dus nou hierdie Jesus Christus, die Jesus Christus van u Bybel, begin soek en gehoorsaam? Mag God aan u die begrip en die moed gee om juis net dit te doen! **WvM**

Vervolg vanaf bladsy 17 – Hou die Midde-Ooste dop

genootskap teen Israel? Let op na Psalm 83. Assirië (hedendaagse Duitsland) sal 'n alliansie lei wat Moab, Ammon en Edom insluit. Kyk na die kaarte in u Bybel om hulle historiese liggings te vind en as u dit nie alreeds gedoen het nie, skryf vir 'n gratis eksemplaar van ons insiggewende artikel, *Her-rysende Duitsland: 'n Vierde Reich?* om meer te leer van Duitsland se rol as die hedendaagse Assirië.

Wat vertel die Skrif aan ons van die koning van die Noorde? Ons het gesien dat hy ook bekend staan as die “Dier”, maar wie is die Dier? Kyk na hierdie kantlyn aantekening in die *Douay-Rheims (New Catholic Edition)* van die Bybel, wat kommentaar lewer oor die Dier van Openbaring 17:11. “Dit lyk of die dier waarvan hier gepraat word, die Romeinse Ryk kan wees, soos in hoofstuk 13”. Met ander woorde, die dier van Openbaring 17 sowel as die dier van Openbaring 13 verteenwoordig die Romeinse Ryk.

Hierdie Katolieke Bybel verklaar ook Openbaring 13:1 as volg: “Die beeld van die eerste dier is gebaseer op die sewende hoofstuk van Daniël. Hierdie dier beeld die koninkryke van die wêreld uit, koninkryke wat gevestig is op passie en selfsug, wat in elke tydperk vyandig teenoor Christus is en daarna streef om die dienaars van God te onderdruk. Imperiale Rome verteenwoordig hierdie moondheid”.

Ja, die “Dier” is 'n herlewing van die ou Romeinse Ryk. Indien u wêreldgebeure dophou, het u dalk gesien dat die Europese Unie besig is om die politieke, militêre en ekonomiese kenmerke van die ryk wat in die Skrif beskryf word, te ontwikkel. U kan in Openbaring 18 lees van die ekonomiese mag van hierdie ryk.

Namate ons die Groot Verdrukking nader, sal ware Christene toenemend vervolg word. Jesus leer ons nogtans hoe om te reageer wanneer godsdienstige vervolging toe-

neem. “Deur julle volharding moet julle jul lewe in besit kry. En wanneer julle Jerusalem deur leërs omsingeld sien, dan moet julle weet dat sy verwoesting naby is” (Lukas 21:19-20).

Ons is nou in die geprofeteerde tydperk bekend as die eindtyd. Ons behoort voorbereid te wees vir die Wederkoms. Christus sal Koning oor die hele aarde wees en sal heers vanuit die nuwe wêreldhoofstad, Jerusalem. “En in dié dag sal daar lewende waters uit Jerusalem uitvloei, die een helfte daarvan na die Oostelike en die ander helfte daarvan na die Westelike See; somer en winter sal dit so wees. En die Here sal Koning wees oor die hele aarde; in dié dag sal die Here een wees, en sy Naam een” (Sagaria 14:8-9).

Dank God dat hierdie wonderlike wêreldregering onder Jesus Christus binnekort sal kom. Mag ons met ons hele hart bid: “... laat U koninkryk kom”! **WvM**

Vervolg vanaf bladsy 22 – Die raaiselagtige menslike brein

wisselwerking met ons God-gegewe menslike gees, dat die wonderlike menslike brein selfs nog meer doen as om ons 'n soort “intelligente dier” te maak. Dit speel 'n belangrike rol in die

vervulling van God se doel met ons en verteenwoordig 'n belangrike element van Sy ontwerp in ons lewens en Sy plan vir ons ewigheid.

Wat 'n wonderlike skepping

verteenvoerdig die menslike brein en wat 'n wonderlike *Skepper* sien ons daarin weerspieël! **WvM**

Die Werk van Sy hande

Die raaiselagtige menslike brein

Deur Wallace Smith

Wat is die heel ingewikkeldste voorwerp in die heelal? Dit is 'n **groot** vraag – sterrestelsels bestaan uit honderde miljarde sterre en planete en kan beskou word as ingewikkeld, net soos baie ander natuurlike strukture. Onder die mensdom se skeppings is 'n paar merkwaardige werke van groot ingewikkeldheid. Europa se kragtige deeltjie-versneller, die *Large Hadron Collider*, is 'n ingenieursprestasie wat getuig van groot ingewikkeldheid en op sy dag was die Verenigde State se ruimtewardelug bekend as die heel ingewikkeldste masjien wat nog ooit uitgevind is.

Om egter die heel *ingewikkeldste enkele voorwerp* in die *algehele* skepping te identifiseer? Dit is nogal 'n moeilike taak. Die uitspraak is tog bekend en dit is nie te betwis nie. Die neurowetenskaplike, David Eagleman, skryf: “Van al die voorwerpe in die heelal, is **die menslike brein** die heel ingewikkeldste” (“*10 Unsolved Mysteries of the Brain*” *Discover*, Augustus 2007).

Hoe kan dit wees? Die menslike brein is relatief klein, dit weeg ongeveer 1½ kg, pas netjies binne-in die menslike skedel en bestaan hoofsaaklik uit water en vet. Meer ingewikkeld as die ruimtewardelug?

Dit is voorwaar so. Trouens, die menslike brein is **ongelooflik** ingewikkeld! Dit is voorwaar

'n merkwaardige bewys van die intelligensie en krag van ons ongelooflike Skepper!

Soos die meeste liggaamsweefsel, bestaan die brein uit mikroskopiese selle. Die selle wat lyk of dit die hart van die brein se merkwaardige vermoëns kan wees, is die 80 tot 90 miljard senuweeselle, of *neurone*, van die brein. Eintlik is dit die ontsagwekkende netwerk van verbindings *tussen* hierdie neurone wat die brein in staat stel om so kragtig te funksioneer. Deur hulle vertakkende *aksone* en *dendriete*, reik neurone uit na mekaar, 'n ingewikkelde netwerk van verbindings met elke individuele neuron wat verbind is met tot meer as *tienduisend* naburige neurone en skep so 'n grootse stelsel wat voortgaan om volledige menslike begrip te trotseer.

Tydens brein-aktiwiteit beweeg elektriese en chemiese impulse deur hierdie ontsaglike netwerk van neurone in 'n pragtige dans van elektrochemiese aktiwiteit en wisselende patrone. Hierdie ondenkbaar ingewikkelde netwerk van verbindings en die konstante elektrochemiese dans wat daarbinne plaasvind, verteenwoordig op een of ander manier die aktiewe brein, die verkryging van herinneringe en die skep van nuwes, die ontleding van inligting, die verwerking van emosies en die beplanning van

ons aksies.

Meer ingewikkeld as die Internet

Brown Universiteit se neurowetenskaplike navorser, Chris Chatham, het die ingewikkeldheid van die brein se onderlinge verbindings netjies opgesom: “Akkurate biologiese modelle van die brein sal omtrent 225,000,000,000,000,000 (225 miljoen miljard) interaksies tussen selteipes, neurosenders, neuromoduleerders, aksonale takke en dendritiese stekels insluit en dit sluit nie die invloede van dendritiese meetkunde, of die ongeveer 1 biljoen glia-selle in wat belangrik mag, of nie mag wees, vir neurale verwerking van inligting nie” (“*10 Important Differences between Brains and Computers*”, *Science-Blogs.com*).

Om dit in perspektief te stel, kan ons hierdie netwerk van verbindings en onderlinge verbindings met die Internet vergelyk. Baie tegnoloë beskou die Internet as die heel ingewikkeldste tegniese stelsel wat nog ooit deur die mens gebou is. Die ontsaglike, wêreldwye versameling van onderwerpe waaruit die Internet bestaan, sal na verwagting 25 miljard interaktiewe toestelle teen 2015 insluit. Daardie baie konneksies sal nog steeds net 0.00001% (een 10 miljoenste) wees van die

interaksies wat in die “gewone” menslike brein plaasvind.

Dit is verseker so dat 'n ingewikkelde orgaan met sulke delikate verbindings, 'n brose instrument moet wees. Soos die ou gesegde lui: “Hoe ingewikkelder die pypwerk, hoe makliker is dit om die drein te verstop”.

Die brein **is** inderdaad vir 'n rede omhul deur 'n harde, benerige skedel. Beskerming daarvan is van die uiterste belang. Breinskade kan tot lewensveranderende gevolge lei. Selfs op hierdie gebied, is die menslike brein nogtans 'n wonder van ingenieurswese, een wat die beste van ons wetenskaplikes en navorsers nog sukkel om te verstaan! Ons is besig om te leer dat die brein 'n merkwaardige vermoë het om *self te herstel*, te *herstruktureer* en te “*herbedraad*” om skade en gebreke te oorkom!

Dink aan die mense wat aan Rasmussen se sindroom ly, waarin inflammasie een hele kant van die brein vernietig het. Slagoffers van hierdie toestand, meestal kinders, ly aan verskriklike stuip-aanvalle. Dokters het geleer dat die beskadigde helfte van die brein soms *heeltemal verwyder kan word*, terwyl die *ander helfte* van die brein homself dan met verloop van tyd aanpas om die funksies en prosesse van die vermiste helfte oor te neem, om dan die slagoffer se herinneringe, sin vir humor en persoonlikheid heeltemal ongeskonde te laat!

Kan u uself indink u ontdek dat ongeveer die volle *helfte* van

u rekenaar se hardeskyf heeltemal beskadig en ontoeganklik is, maar dat die ander helfte sigself eenvoudig *herprogrammeer om die vermiste inhoud te vervang*? Rekenaarkundiges weet dat selfs 'n *RAID*-opstelling daarop staatmaak om 'n ongeskonde afskrif van die verlore of beskadigde data te vind, nogtans kan die raaiselagtige menslike brein selfs beter doen, dit herstel self “van nuuts af”!

Wat 'n kragtige getuie van God se ewige heerlijkheid en onbepaalde intelligensie! Hoewel hoë ambisies gekoester word, betwyfel baie navorsers op die gebied van neurowetenskap en kunsmatige intelligensie of hulle eie skeppings ooit in staat sal wees om die ongehooflike kompleksiteit van die menslike brein te ewenaar.

Dr. Miguel Nicolelis, Duke Universiteit se leidende neurowetenskaplike wat tydens die 2014 Wêreldbeker-sokker-toernooi in Brasilië 'n gedagtebeheerde huidskelet vir verlamdes bekend gestel het, som die probleem van pogings om die brein met 'n rekenaar te reproduseer, netjies op: “Die brein is nie berekenbaar nie en geen ingenieurswerk kan dit namaak nie ... U kan al die rekenaarskyfies in die wêreld hê en u sal nie 'n bewustheid skep nie” (*MIT Technology Review*, 18 Februarie 2013).

Die brein is nie alleen nie

Vir al sy kompleksiteit, moet ons erken dat die brein tog nie

alleen verantwoordelik is vir wie en wat ons is en vir wat die mensdom uniek maak in God se skeppings nie. *Ons is meer as ons brein*. Soos Job se metgesel, Elihu sê: “Maar dit is die **Gees** in die mens en die asem van die Almagtige wat hulle verstandig maak” (Job 32: 8).

God beplan dat die mens nie bloot die “kroon van die skepping” sal bly nie, maar om uiteindelik *uit te styg bo* daardie skepping en by Hom aan te sluit in die huisgesin van God! Met die gees in die mens wat saamwerk met die komplekse menslike brein, het elke mens 'n *verstand*, die unieke *menslike verstand*, wat die mens vêr verhewe bo diere plaas! God het ons nie net intelligent gemaak nie; Hy het ons *sedelike* wesens gemaak met 'n geestelike lewe en met die vermoë om 'n *verhouding* te hê met ons God, wat Gees is (Johannes 4:24).

Ons brein, soos die res van ons liggame, sal eendag sterf en terugkeer tot stof (Genesis 3:19). Die menslike brein is 'n merkwaardige instrument, maar is nie ewig nie. Die gees in die mens, wat deur God gegee is, word deur Hom teruggeëis by ons dood (Prediker 12:7) en dra daarmee saam die somtotaal van alles wat ons ooit geleer en geweet het, wie ons is en ons persoonlikhede (1 Korinthiërs 2:11), in afwagting op ons toekomstige opstanding!

Ons sien dus in hierdie laaste merkwaardige kapasiteit, sy raaiselagtige vermoë van

Vrae & Antwoorde

Wat gebeur met diegene wat sterf sonder dat hulle die ware Evangelie gehoor het?

VRAAG: Jesus sê in die Evangelie van Mattheüs dat die oordeelsdag “meer draaglik” sal wees vir die mense van Sodom en Gomorra en Tirus en Sidon, as vir diegene wat Jesus se boodskap gedurende Sy bediening op aarde gehoor en dit verwerp het. Hoe kan dit wees? Indien al hierdie mense geoordeel en veroordeel is, hoe kan sommige mense baie beter as ander op die oordeelsdag vaar?

ANTWOORD: God het daardie stede vernietig en van hulle 'n voorbeeld en 'n waarskuwing gemaak “vir die wat in die toekoms goddeloos sou wees” (2 Petrus 2:6). Die meeste mense besef egter nie vandag hoe dit in God se Plan vir die mensdom inpas nie. Wanneer Jesus sê dat die oordeelsdag “meer draaglik” sal wees vir Sodom en Gomorra en vir Tirus en Sidon (Mattheüs 10:15; 11:22, 24), openbaar Hy dat die inwoners van daardie stede nog nie hulle eerste geleentheid gehad het om Sy boodskap te verstaan nie.

Hoe kan ons dit verstaan? Ons moet verstaan dat, soos die Nuwe Testament verduidelik, daar drie verskillende “oordeelstye” vir die mensdom is. Die apostel Petrus beskryf die eerste oordeelstyd, waarmee die meeste mense vertrou is: “Want die tyd is daar dat die oordeel moet begin by die huis van God. En as dit eers by ons begin, wat sal die einde wees van die wat aan die evangelie van God on gehoorsaam is?” (1 Petrus 4:17).

Dit is die “Kerktydperk”, die eerste periode van oordeel. Petrus noem die Kerk “die huis van God”, ware Christene wie se oë geopen is om Christus se boodskap te verstaan. Jesus hou Sy dissipels aanspreeklik vir hierdie kennis en verwag van hulle om geestelike vrugte te dra (Mattheüs 25:14-30; 2 Petrus 1:1-9; Johannes 15:1-10). Ware Christene word in hierdie leeftyd volgens hulle werke en gehoorsaamheid aan God se Woord geoordeel (1 Petrus 4:17; Openbaring 20:12; 22:12).

Die volgende oordeelstyd is die “Duisendjarige Vrederyk”. Bybelse profesie toon dat Jesus Christus binnekort sal terugkeer en Sy Koninkryk vir 'n duisend jaar op die aarde sal vestig, (Openbaring 20:2-6). Al die nasies sal dan na Jerusalem, die “wêreld se hoofkantoor” van Christus se regering optrek, om onderrig te word (Jesaja 2:1-4). Die hele wêreld sal dan aan die wonderlike waarheid en volmaakte weg van God blootgestel word, “want die aarde sal vol wees van die kennis van die Here soos die waters die seebodem oordek” (Jesaja 11:9). Gedurende

hierdie tyd, sal God Sy heilige en regverdigte Wette deur die Heilige Gees in mense se harte skryf (Hebreërs 8:10-12). Net soos tydens die “Kerktydperk”, sal mense geoordeel word volgens hulle gehoorsaamheid aan God se Woord.

Die derde en finale oordeelstydperk kan die “Laaste Oordeelstyd” genoem word. Die boek Openbaring noem dit die Groot Wit Troon Oordeel (Openbaring 20:11-12). Gedurende daardie tydperk sal die miljarde mense wat geleef en gesterf het sonder om God se waarheid en Sy lewenswyse te ken, opgewek word tot 'n fisiese lewe (Esegiël 37:1-14). Vir die eerste keer sal hulle oë vir die waarheid geopen word en hulle sal hulle eerste geleentheid tot redding hê.

Die Griekse woord vir “boeke” in Openbaring 20:12 is *biblion*, wat aantoon dat hierdie “boeke”, die Bybel, toeganklik gemaak sal word vir die miljarde mense wat geleef en gesterf het voor die Millennium, sonder om die ware Evangelie van Jesus Christus te hoor.

Jesus Christus het verduidelik dat die manne van Ninevé en die koningin van die Suide in die toekoms opgewek sal word saam met die manne van Sy dag en dié mense van Jesus se dag wat Sy boodskap verwerp het, sal veroordeel word (Mattheüs 12:41-42). Dink aan die omvang van die tyd van oordeel wat Jesus beskryf! Miljarde mense deur die millennia van die mens se geskiedenis heen sal almal saam leef, om God se lewenswyse aan te leer en om dit te vergelyk met hoe hulle voorheen sonder God geleef het.

Miljoene mense glo vandag verkeerdelik dat God óf wispelturig is deur miljarde mense wat nog nooit die verkondiging van Sy boodskap gehoor het nie, na die verdoemenis te stuur; óf dat Hy onkonsekwent is deur redding te skenk aan sommige mense wat nie die verkondiging van Sy Evangelie gehoor het nie. Die waarheid is baie meer inspirerend. Om meer te leer van God se Plan vir die mensdom, vra asseblief ons gratis boekie aan: *Is Hierdie die Enigste Dag van Redding?* **WVW**

Profesie neem

Komende plaë: Die vaal perd

Bybelse profesieë het lankal bekend gemaak dat net voor die Wederkoms van Jesus Christus, 'n reeks verskriklike gebeure, uitgebeeld deur die vier ruiters van die Apokalips, oor die aarde sal trek. Hierdie komende rampe sluit in: Toenemende berigte van oorloë, hongersnood, natuurrampe en siekte-epidemies. Die “vierde ruiter” word die dood genoem en hy ry op 'n *vaal perd*. Die vier ruiters sal 'n *kwart* van die aarde se bevolking verwoes deur geweld, hongersnood en “wilde diere van die aarde”, met inbegrip van virusse en bakterieë wat siektes versprei (Openbaring 6:8). Die Skrif dui aan dat hierdie eindtydse pessiëktes verwoestende epidemies sal aanneem wat miljoene lewens sal opeis. Terwyl openbare gesondheidsrampe van hierdie omvang vergesog mag lyk in die lig van die moderne mediese tegnologie, is *waarskuwings* van dodelike epidemies op 'n wêreldwye skaal besig om meer algemeen te raak, wat aandui dat antieke Bybelprofesieë *nou besig is om gestalte aan te neem!*

Toenemende bekommernisse

Gedurende die afgelope dekades het mediese owerhede herhaaldelik kommer uitgespreek oor die *ontstaan* van nuwe siektes en die *herlewing*

en verspreiding van siektes wat hulle gedink het onder beheer is. Malaria, 'n potensieel dodelike oordraagbare siekte wat jaarliks miljoene mense teister, het *teruggekeer* na gebiede waar dit eens byna uitgewis was. Dit word nou egter deur plaagdoder-weerstandige muskiete en antibiotika-weerstandige parasiete versprei, wat dit moeiliker maak om te behandel en te beheer.

Medikasie-weerstandige tuberkulose, nog 'n groot moordenaar met 'n lang geskiedenis, is besig om te *versprei* in die ekonomies verwoeste gebiede van Oos-Europa, Rusland, Asië en Afrika. Warmer temperature het die *vergroting* van die verspreidingsgebied van muskiete wat draers van die Wes-Nyl virus is – wat die sentrale senuweestelsel aantast – veroorsaak en stel dit in staat om van Afrika na ander dele van die wêreld te versprei. Seksueel oordraagbare siektes *floreer* en *versprei* in ons hedendaagse toenemend goddelose samelewings. Die MIV-VIGS-epidemie wat in die 1980's te voorskyn gekom het, het die lewens van meer as 30 miljoen mense wêreldwyd geëis. Die siekte is aktief besig om te versprei met meer as 2 miljoen nuwe gevalle elke jaar, terwyl nuut geïdentifiseerde siektes *hulle verskyning maak* en die

gesondheid van bevolkings regoor die wêreld bedreig.

Ons kwesbare wêreld

Die herlewing van ou plaë en die ontstaan van nuwe aansteeklike siektes regoor die wêreld het die openbare gesondheidsamptenare *duidelik bekommerd*. Epidemioloë besef dat dit die sameloop van 'n aantal faktore in die afgelope jare was, wat *die risiko van pandemies dramaties verhoog het* en dat “ons wêreldwye bevolking *nog nooit so kwesbaar was vir vinnige oordraging van siektes nie*” (*nationalpost.com*, 22 Mei 2014).

Een faktor is die skielike uitbreek van nuwe virusse waarvoor geen entstowwe beskikbaar is nie. 'n Ander faktor is die ontstaan van die medikasie-weerstandige vorms van siektes, wat gewone behandelings oneffektief maak. Ander faktore wat die verspreiding van aansteeklike siektes moontlik maak, sluit in: Dit toenemend al hoe makliker word om tussen stedelike sentrums, waar groot getalle mense woon en in noue kontak met mekaar leef en beweeg te reis, massa verplasinge van mense wat deur oorloë en politieke onrus ontwrig is en die vervoer van diere en diereprodukte regoor die wêreld.

Die ineenstorting van openbare gesondheidsdienste,

gestalte aan

die besoedeling van waterbronne en die ontwinging van afvalverwerkingstelsels wat op natuurrampe volg, dra almal by tot die ontstaan en verspreiding van aansteeklike siektes. Die bedreiging van biochemiese terrorisme – die doelbewuste vrystelling van giftige mikrobies of chemiese middels in groot stedelike gebiede – bied 'n skrikwekkende scenario van hoe groot bevolkings in 'n kort tydjie uitgewis kan word. Gedurende die laaste paar dekades het ons wêreld duidelik *meer kwesbaar* geraak vir die uitbreek van wêreldwye epidemies, wat die potensiaal het om miljoene lewens te eis en dit is presies wat die Vierde Ruiter op die *vaal perd* uitbeeld!

Lesse uit die verlede

Die geskiedenis toon dat “epidemies ryke verkrummel het, leërs verslaan het en vir altyd die wyse waarop ons lewe, verander het” (*Fourth Horseman*, Nikiforuk, bl. xv). Epidemies het in die verlede *onverwags toegeslaan* en dood en verwoesting oor wye gebiede van die wêreld versprei. Gedurende die Middeleeue het melaatsheid, tuberkulose, cholera en tifuskoors in die vullis en oorbevolkte lewensomstandighede van Middeleeuse stede gefloreer. In 1348 het die builepes-virus vanuit

Indië met die Middeleeuse handelsroetes langs in Europa aangekom en hierdie “Swart Dood”-epidemie het *een derde* van die bevolking van Europa gedood (ongeveer 30 miljoen mense). Columbus se matrose het sifilis vanuit die Amerikas saamgebring en die siekte het deur Europa versprei en is aangehelp deur promiskuiteit en openbare badhuise. Europeërs het pokke na die Amerikas geneem, waar dit binne een eeu 'n geskatte 100 miljoen Indiane laat sterf het, aangesien hulle 'n tekort aan natuurlike teenliggaampies teen die siekte gehad het. Epidemies het die verloop van die geskiedenis in die verlede verander en dit *sal weer* 'n groot impak op die wêreld hê.

Openbare gesondheidswerkers erken dat SARS en MERS verwant is aan die virus wat die oorsaak van die groot griep-pandemie van 1918 was en wat *50 miljoen* mense regoor die wêreld binne ongeveer 18 maande laat sterf het. Die sogenaamde Spaanse griep “word gereken as een van die dodelikste epidemies in die geskiedenis” (*news.national-geographic.com*, 23 Januarie 2014). Die siekte het vermoedelik sy oorsprong in China gehad en is versprei toe sowat 90,000 Chinese arbeiders per boot na Noord-Amerika, per

trein na die ooskus en per boot om op die slagvelde in Europa te werk, vervoer is waar soldate sowel as Chinese arbeiders besmet is en gesterf het. Hierdie wêreldwye pandemie was veroorsaak deur die skielike ontstaan van 'n uiters aansteeklike vorm van die virus en is deur die verskuiwing van groot getalle mense regoor die wêreld versprei.

Onlangse voorbeelde illustreer hoe epidemies skielik kan ontstaan en vinnig in ons moderne wêreld kan versprei. Na die 2011 aardbewing in Haiti, was reddingswerkers wat vanuit Nepal gekom het reeds met 'n cholera-virus besmet. Binne dae was daar 'n uitbreking van cholera op die eiland en uiteindelik het 6,000 mense gesterf en meer as 300,000 mense is besmet. Verlede jaar [2014] het die muskiet-oordraagbare virus wat *chikungunya* genoem word ('n Afrika woord wat “krul van die pyn” beteken), vanuit Asië of Afrika in die Karibiese Eilande uitgebreek en vinnig deur die eilande versprei om meer as 55,000 mense te affekteer. Die virus het glo saam met 'n besmette persoon op 'n vliegtuig daar aangeland. Wanneer ons 'n studie maak van hoe epidemies in die verlede hulle verskyning gemaak het en die verloop van die geskiedenis beïnvloed het en ons sien hoe faktore in ons

moderne wêreld die verspreiding van aansteeklike siektes kan aanhelp, behoort ons nie verbaas te wees dat Jesus Christus lank gelede voorspel het dat een van die

tekens wat Sy Wederkoms voorafsal gaan, pessiektes op 'n wêreldwye skaal sal wees nie (Mattheüs 24:3-7; Lukas 21:11). Ons behoort bedag te wees op profesieë wat vandag *besig is*

om gestalte aan te neem en wat uitgebeeld word deur 'n *onheilspellende ruiter op 'n vaal perd!*

—Douglas S. Winnail

**Verwittig ons asseblief
onmiddellik van enige
verandering in u posadres.**

Vervulde Profesie: God se Hand in Wêreldsake

Vandag staar die mensdom verbysterende krisisse van oorlog, siektes, besoedeling, droogte en hongersnood in die gesig. Waarheen sal dit alles lei?

Bybelfrofesie onthul dat God deur huidige gebeure werk om 'n toekomstige tyd tot stand te bring wanneer die hele wêreld vrede sal ervaar.

Indien u verstaan wat God nou doen en wat Hy vir Sy skepping beplan het, kan u hoop hê, selfs in tye van teëspoed!

Skryf in of skakel ons om u eie kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te kry!

Satan se vervalste Christendom

Die verstommende boodskap in hierdie boekie sal u raak in die jare wat binnekort voorlê en dit sal ook 'n uitwerking op u ewige toekoms hê!

Dit is lewensbelangrik.

Hierdie inligting is vir baie eeue onderdruk, maar dit is inligting waarvan u kennis behoort te dra!

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting te ontvang!

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

wees, en wel tot aan die einde; en wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word” (Daniël 9:27).

Christus het aan ons gesê om te “waak”!

Jesus het ons aangesê om op die uitkyk te wees vir die eindtydse gruwel: “Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gesprek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom – laat hy wat lees, oplet – dan moet die wat in Judéa is, na die berge vlug” (Mattheüs 24:15-16). Mattheüs, die Evangelie skrywer, beklemtoon die belangrikheid dat ons almal sal “verstaan”! Die apostel Paulus beskryf hierdie toekomstige “mens van sonde ... die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is” (2 Thessalonicense 2:3-4).

Daarom, geagte lesers, maak seker dat u die Midde-Ooste dophou soos ek u in my artikel, *Hou die Midde-Ooste dop* elders in hierdie uitgawe, aanspoor om te doen! Huidige toestande vir vrede tussen Israel en die Palestynse Regering van

Nasionale Eenheid dui daarop dat slegs eksterne druk 'n tydelike versoening sal meebring. In werklikheid was pous Francis op 8 Junie 2014 die gasheer op 'n “gebedsberaad” vir die leiers van die twee groepe. Die *Washington Post* berig: “Pous Francis het die presidente van Israel en die Palestynse owerheid op Sondag by die Vatikaan laat saamkom om saam te bid sowel as om te belowe om vrede na te streef, alhoewel hulle regerings nie amptelik met mekaar praat nie. Israel se president Shimon Peres en die Palestynse leier Mahmoud Abbas, het die twee-uur lange seremonie afgesluit deur mekaar op die wang te soen en daarna 'n olyfboom te plant. Dit was sprekende gebare van 'n verbintenis in 'n poging om 'n einde te maak aan een van die mees uitgerekte en hardnekkigste konflikte in die wêreld” (8 Junie 2014).

Wie is die kettters?

Pous Francis se diplomatieke gebare herinner ons daaraan dat 'n sleutel-aspek in die Midde-Oosterse konflik die spanning tussen die verskillende godsdienstige oortuigings is. In mnr.

Dexter Wakefield se deurdagte artikel “*Anatema*” elders in hierdie uitgawe, wys hy op die hartseer ironie dat vandag se “hoofstroom Christen”-gemeenskap daardie ware Christene wat vashou aan die oorspronklike geloof van Jesus Christus en die twaalf Apostels, verwerp as ketters.

Hoofredakteur Roderick C. Meredith verduidelik inderdaad in sy artikel *Watter Jesus aanbid u?*, ook in hierdie uitgawe, dat die oorgrote meerderheid van diegene wat bely dat hulle Jesus Christus aanbid, in werklikheid 'n mens-uitgedinkte godsdiens beoefen, wat in sommige opsigte presies die teenoorgestelde verkondig as wat Christus self verkondig het! Geagte lesers, u behoort seker te maak dat u die leerstellings van die ware Jesus Christus navolg! Bestudeer u Bybel en bewys aan uself dat Jesus dieselfde praktyke verkondig het as wat ons by die *Wêreld van Môre* nastreef om te herstel. Dit sluit die nakoming van die sewende-dag Sabbat in, soos uitgelig word deur die Britse skrywer, John Meakin, in sy artikel “Waarom die sewende-dag Sabbat?” wat ook in

hierdie uitgawe is, ter navolging van Jesus se voorbeeld. Dit sluit die “jaarlikse Sabbatte” in – die sewe feesgeleenthede wat God aan Sy volk, antieke Israel, gegee het, wat Jesus Christus en Sy Apostels onderhou het en aan ander geleer het om te onderhou – wat vandag nog betekenis het vir “geestelike Israel” deur aan ons God se ware Plan te openbaar! Dit sluit die opregte poging in om volgens die Waarheid te lewe, soos omskryf deur die Tien Gebooie, met die hulp van die inwonende Heilige Gees wat ware Christene na hulle bekering en doop ontvang.

Geagte leser, God het toegelaat dat die meeste mense in die huidige tyd deur Satan verblind word (Openbaring 12:9). Indien u egter lees en verstaan wat ons met u in hierdie tydskrif deel, mag Hy u moontlik roep om een van die “eersteling” te wees wat op Sy boodskap in hierdie tyd sal reageer. Ek bid dat u nie daardie oproep sal ignoreer nie!

Richard F. Ames

Wêreld van Môre

Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang!
Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS
9880**

**of skakel : 058 622 1424
en meld dat u navraag doen
na die “Wêreld van Môre” Bybelstudiekursus**